




Kollig

Augustus 2023 Jaartal 38 Nommer 2



Kry die finansiële advies wat jy nodig het

Dis noodsaaklik om 'n geakkrediteerde finansiële adviseur te raadpleeg om jou te help met van die belangrikste finansiële besluite van jou lewe. Ons bied jou holistiese advies om jou te help om jou finansiële doelwitte te bereik, volhoubare welvaart te behaal en gemoedsrus te verkry.

Ons bied jou 'n omvattende reeks produkte en dienste om jou te help om jou finansiële doelwitte op elke stadium van jou reis te bereik. Dit dek al jou behoeftes – van persoonlike inkomstebeskerming, kort- en medium-termynspaar doelwitte en aftreebeplanning tot die kommersiële behoeftes van jou besigheid.

Kontak ons by Juksta BlouSter vir professionele finansiële advies.



Jan Hendrik Jacobs
Finansiële
Beplanner
071 895 1502



Ben Scott
Finansiële
Beplanner
082 867 2786



Salomé Wessels
Finansiële
Beplanner
083 371 5949



Frik Cloete
Korttermynversekering
082 951 6278



Antionette Cloete
Korttermynversekering
082 563 8148



Melanie Webb
Korttermynversekering
072 559 5184



Chad Oosthuizen
Korttermynversekering
076 137 8901

**Juksta
BlouSter**
gemagtig deur  **Sanlam**

[Finansiële Beplanning](#) | [Aftrede](#) | [Versekering](#) | [Gesondheid](#) | [Beleggings](#) | [Welvaart](#) | [Krediet](#)

Sanlam Lewens is 'n Gelisensieerde Lewensversekeraar, Verskaffer van Finansiële Dienste en Geregistreeerde Kredietverskaffer (NCRCP43).

BYWONERS IN NIEMANDSLAND...

Wanneer jy in Kokanje (ons Af-treeoord met okkupasierereg) af-tree, voel jy net soos die dag toe jy vir die eerste keer Kleuterskool, Laerskool, Hoërskool en/of Universiteit toe is en later jou eerste betrekking beklee het. Jy is nuut in jou omgewing, gestroop van jou titels (dis weggegooi in die Kokanje-Titelgat op regterkant, nadat jy by Kokanje ingery het) en jy voel vreemd, verlore en weerloos. Indien jy egter steeds voortgaan met jou nering, bv. boer, dokter, dominee, tandarts, ens. mag jy die titel gebruik tot dat jy die tuig permanent neerlê. Indien kennis en familie reeds hier woon, is jy buitengewoon bevoorreg!

Kennis oor die gewoontes, geskiedenis, Reëls en Regulasies van ons Oord kan gou-gou ingewin word by die Uitvoerende Bestuurder, Bestuurskomiteelede, Uit die BK-nuusbrief, Bemarkingsbestuurder en by Inwoners/ persone wat al geruime tyd hier woon. (Reëls en Regulasies in Kokanje is gevestigde, beproefde gebruike en bestaan sodat daar orde gehandhaaf kan word – soos ook elders geskied waar dinge daagliks vlot en sonder komplikasies verloop.)

Daar is somer baie inligting opgeteken in al die **KOLLIG**-tydskrifte. Die heel nuutste eksemplare verskyn nou in volkleur op die Kokanje-Webwerf. Die Kokanje-Gedenkalbum wat in 2010 gepubliseer is, is ook hier te vinde. Vermy persone wat graag hulle eie menings en vals feite tydens stoepdebatte aan jou voorhou as die waarheid. Jy sal hulle baie gou kan identifiseer...

Of jy nou in die "Bo- of Onderdorp" woon, jy begin deelneem aan aktiwiteite en indien leierskapseienskappe weer (of vir die eerste maal) na vore kom, kan jy die leertjie klim en Voorsitter, Se-

kretaresse of Tesourier van 'n klub, komitee of die Raad word. Met ander woorde, jy is hier net so belangrik as jou prestasie(s) binne Kokanje. Nederigheid en samewerking met mede-Inwoners en bure is van kardinale belang – dit is immers hulle wat jou ondersteun en help met jou suksesvolle inskakeling en verblyf hier. In noodgevalle is jou bloedfamilie en vriende soms ver en jy sal op jou nuwe Kokanje-familie (Inwoners en Personeel) se hulp aangewese wees...

Senior/belangrike "Vakante Posies" word gevul deur nuwe Inwoners wat hulle bereidwilligheid en bekwaamheid bewys het oor die maande/jare in hierdie of soortgelyke omstandighede in ons Oord. Soos bv. Penny Maré, pasverkose Voorsitter van die Damesklub, wat onlangs by Yvonne Kotzé oorgeneem het. Yvonne het hierdie klub vir meer as 20 jaar bestuur en dit uitgebou tot een van die mees suksesvolle klubs in Kokanje. **Baie dankie. Geniet die uitspantyd, Yvonne! Baie geluk, Penny!**

Die tweede ergste ontgroening is die dienslewering sonder besoldiging, ('n salaris waaraan jy vir dekades verslaaf geraak het). Maar, die liefdadigheidswerk gedurende jou aftrede word gou deel van jou normale bestaan, want dit is tot voordeel van almal en ons rooskleurige toekoms in Kokanje.

Dan kom die ergste ontgroening/ ontnugtering... Jy besef jy is slegs 'n bywoner in een van die Kokanje-Maatskappy se huise en die landgoed en gemeenskaplike fasiliteite om jou is net geleen – totdat jy vertrek na jou permanente Hemelse bestemming. Ons ouers het ons geleer om ons eiendom baie mooi op te pas en dié van ander selfs met nog meer respek te hanteer. Kom ons

doen dit met oorgawe en bou saam aan die Kokanje-Toekoms terwyl ons van mekaar leer, en alles sorgvuldig deel met mekaar. Laat ons wortels net liggies bolangs op die aarde in Kokanje groei en besef dat wyle Jim Reeves waar woorde geopper het in sy baie bekende liedjie: **"This world is not my home!"**

Rita Noeth

NS. Aan al die Kokanje-Inwoners wat onlangs operasies ondergaan het en besig is om aan te sterk:



WORD GOU GESOND!

ARTIKELS OOR PORTEFEULJES:

OMGEWINGSBEWARING (WAKOM)

Peet van

Dyk en Warwick Tarboton



Bladsye 21 en 22.

SPORT EN ONTSPANNING EN DIENSTE (SOD): KARNAVAL

Karel Minnie

Bladsy 31.



VEILIGHEID- EN SEKURITEIT (SEKKOM)

Willie Swanepoel

Bladsy 23.



VRYWARING

Die Kokanje Raad of die administrasie of die redaksie van **KOLLIG** onderskryf nie noodwendig menings wat deur medewerkers uitgespreek word nie. Die redaksie betaal nie vir artikels of enige bydraes nie en skrywers behou hul kopiereg, terwyl die redaksie die reg behou om alle artikels en briewe te verkort, te versorg en vir plasing te oorweeg, ofskoon gepoog sal word om die strekking van die inhoud so noukeurig as moontlik te hou. Hou dus u bydraes kort en bondig, asseblief. Hierdie vrywaring geld ook vir advertensies.

Elektroniese artikels na: ritanic2@gmail.com en WhatsApp 083 307-1446.

KOKANJE-AFTREEOORD, Nylstroom (Modimolle), Limpopo, Suid-Afrika.

(GPS: 24,68°S 28,38°O) Tel: (014) 715-2030/1/2/3.

EASTER 2023

What does the Passion Flower symbolise?

(See photo and numbers herewith, as well as the special photo on the front cover, accompanied by a photo of Passion Fruit (granadillas), which is found in Kokanje during Easter.)

The key elements of the passion flower came to symbolise aspects of Jesus' passion – the final hours before and immediately after His death. The passion is described in the Bible, in the Gospels of Matthew, Mark, Luke, and John.

1. The Disciples

Jesus had 12 Disciples, but there were 10 who were in hiding during His passion. Judas Iscariot betrayed Him and Peter denied knowing Him 3 times. **(10 petals.)**

2. The Crown of Thorns

Jesus was mocked by the crowd and they labelled Him King of the Jews. They made a crown of thorns for His head, adding even more pain and humiliation.

3. The Nails

3 nails were used to fasten Jesus to the cross. He hung with raised arms, held up by a single nail driven through each hand. The third nail was driven through both feet. **(3 nails.)**

4. The Sacred Wounds

Jesus suffered 5 sacred wounds – the 4 wounds on His hands and feet (from the 3 nails) and the fifth wound, caused by a soldier who stabbed Him with a spear in His side.



5. The Whip/Scourge

Jesus was beaten by a whip or scourge. The exact instrument used isn't clear. The tendrils of the Passion Flower represent the weapon.

6. The Sponge

Jesus was offered a drink with a sponge dipped in vinegar while hanging on the cross. This is represented by the stigma of the flower.

7. The Chalice

The cupped flower symbolises Jesus' sacrifice for our sins, which we celebrate at Easter.

Then He took a cup, and when He had given thanks, He gave it to them, saying, "Drink from it, all of you. This is my Blood of the Covenant, which is poured out for many for the forgiveness of sins."

Matthew 26:27-28 NIV.



When I think of God,
my heart is so full of joy that
notes leap and dance as they
leave my pen; and since God has
given me a cheerful heart, I
serve Him with a cheerful spirit
❤️ Franz Haydn

OM GELUKKIG TE WEES...

Dit is interessant hoe sekere temas en onderwerpe onder 'n mens se aandag kan kom, ek wil byna sê, hulleself aan jou kan opdring. Vir lang tye weet jy nie van, of dink jy nie aan 'n bepaalde saak nie, en dan in 'n kort tydskied van 2 tot 3 weke kom dieselfde onderwerp herhaaldelik vanuit verskillende kante en eis jou aandag op.

So 'n onderwerp is **geluk**, of meer spesifiek **menslike geluk**. Ons almal, selfs die grootste pesimiste onder ons, of miskien juis hulle, wil natuurlik graag gelukkig wees – dit is deel van ons menslike natuur om na geluk te streef. Die eerste keer dat die **gelukstema** onder my aandag gekom het, is toe ek oor die radio van 'n "World Happiness Index" gehoor het. Dit is 'n indeks wat meet hoe gelukkig mense in verskillende lande is na aanleiding van hoe respondente hulle eie lewens aan die hand van verskillende kategorieë beoordeel. Die resultate word dan gepubliseer in die "World Happiness Report". Volgens hierdie verslag is Helsinki die gelukkigste stad en Finland die gelukkigste land in die wêreld. Terloops, Suid-Afrika lê in die 85ste plek, darem bo Afghanistan wat "ongelukkig" die laaste plek inneem. So asof ons kan sê omdat Afghanistan die mins-gelukkige land uit 149 lande is, moet ons in Suid-Afrika baie gelukkiger as hulle wees, maar is ons?

Nadat ek bewus geword het van bogenoemde verslag, lees ek binne dieselfde week 2 rubrieke oor **geluk** wat byna 50 jaar uitmekaar in 2 vrouetydskrifte verskyn het. Die skrywers, Izak de Villiers en Koos Kombuis se aanbieding en uitgangspunte verskil

uiteraard van mekaar, maar bied interessante menings oor die onderwerp van **menslike geluk**.

In sy versamelbundel "**Sieners van die Môre**" (1978) wat uit opstelle bestaan wat destyds in **Sarie Marais** verskyn het, skryf Izak de Villiers 'n opstel met die titel: "**Dit wat gelukkig maak**". Izak begin sy opstel met die woorde: "Geluk stel meestal beskeie eise". Dan gaan hy verder en beskryf hoe verskillende mense verskillende vereistes vir geluk het en illustreer dit met lysies van 10 dinge wat verskillende mense gelukkig maak. Soms is die begeerte na die dinge wat ons gelukkig maak ten koste van ander mense se geluk, en die spanning wat dit sal veroorsaak, sê Izak: "Sal geen 'gelukkigmaak'-lys ooit kan uitwis nie".

Meer onlangs, in hierdie jaar se Mei-uitgawe van **Rooi Rose**, handel Koos Kombuis se rubriek óók oor geluk, maar dit word onder die opskrif: "**Geluk kom van binne**", bespreek. Koos skryf dat mense verskillende dinge **dóén** omdat hulle hoop dat hulle daardeur geluk kan vind. Dinge soos, om te trou, óf van werk te verander, óf by die see te gaan woon. Maar, sê hy: "Ware geluk kom van binne. Dit kan nie aangeskaf of gekoop of van buite gemanipuleer word nie".

Hierdie 2 rubrieke, asook die "World Happiness Report" het my daaraan herinner dat geluk ook in die Bybel 'n baie belangrike tema is. Trouens, die frase:

"**Gelukkig is...;**" óf "**Dit gaan goed met...;**" óf in ouer Afrikaans, "**Welgeluksalig is die mens wat...;**" kom nie minder as 24

maal in die Psalms voor nie. Dit is egter die Griekse weergawe van hierdie Hebreeuse uitdrukking waarmee 'n reeks van 8 uitsprake in Matteus 5:3 begin en wat geluk op 'n ander manier definieer.

Die eerste van hierdie uitsprake lui soos volg: "**Geseënd/gelukkig is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die Koninkryk van die hemel**". Hierdie uitspraak word deur Izak bevestig wanneer hy in sy rubriek met stelligheid verklaar: "Geen mens kan sonder God geluk vind nie, net so min as wat ek in dié stadion van my lewe sonder oë, hande, voete of gehoor van vreugde sou jubel of sonder suurstof sou kon lewe". Sou 'n mens dink dat Izak se uitspraak darem baie kras is, bevestig die volgende 8 **gelukkiguitsprake** in **Matteus 5** sy siening.

Hier word die volgende mense almal gelukkig genoem:

Dié wat treur,
dié sagmoediges,
dié wat honger en dors is
na wat reg is,
dié wat barmhartig is,
dié wat rein van hart is,
dié vredemakers,
dié wat vervolgd word,
dié wat ter wille van die Here
beledig, vervolgd en
valslik beskuldig word.

Is jy een van hierdie gelukkige mense?

Seënwense
Henk Potgieter



Met die hulp en krag van BO:
Jy het nou die unieke kans om die res van jou lewe ongekend wonderlik te maak deur vandag met iets nuuts te begin waarvan jy net in jou wildste drome oor gehoop en bespiegel het.





LÜNEBURG

PROPERTIES | VALUATIONS

Est. 2005



JAN LÜNEBURG

SACPVP (7395); MIVSA
MPRE (0924016); CEA
Nasionale Diploma Waardasies (CPUT)

EIENDOMS VERKOPE van:

- Besproeiings- en Droëland Plase
- Wilds-en Beesplase
- Kleinhoewes en Plotte
- Leefstyl Gasteplase en "Lodges"
- Residensiële Huise
- Erwe
- Kommersiële Eiendomme

PROPERTY SALES of:

- Irrigation and Dryland Farms
- Game and Cattle Farms
- Smallholdings and Plots
- Lifestyle Guest Farms and Lodges
- Residential Houses
- Stands/Building Plots
- Commercial Properties

PROFESSIONELE WAARDASIES van:

- Alle tipe plase (spesialis)
- Residensiële Eiendomme
- Industriële en Kommersiële Eiendomme
- Erwe en Ontwikkelingsgrond

PROFESSIONAL VALUATIONS of:

- All types of farms (specialised)
- Residential Properties
- Industrial and Commercial Properties
- Stands and Development Land



082 371 4783



jan@jlproperties.co.za



Kiepersol Straat 73F, Kokanje, Modimolle 0510

**Besoek ons vandag
nog om meer uit te
vind oor ons nuutste
aanbiedinge.**

Ons vriendelike en professionele span
is gereed om u by te staan.



Vir BEKOSTIGBARE OOGSORG

Bespreek u **omvattende
oogtoets** vandag.

MODIMOLLE 014 717 5448

Winkel 6, Modi Mall

modimolle@specstores.co.za

BELA BELA 014 736 6061

Winkel 1, Waterberg Boulevard Gebou,
Sparsentrum

belabela@specstores.co.za

ONS NUWE VOORSITTER GROET ALMAL

"Time and Tide wait for no man",
lui die spreekwoord.

Uiteraard is dit so. Veral hier in ons pylvakjare besef ons dit maar al te goed. Ek wens soms ons kon tyd in 'n waterbottel toedraai en net so af en toe, na gelang dit nodig word, 'n slukkie vat as die dorsword van die ouderdom ons wil vasdruk.

Maar, al daaraan gedink om hierdie spreekwoord om te draai? **"No man waits for time and tide."** Maklik gesê? Natuurlik. Maar onmoontlik? Aikôna! Die omdraai van hierdie waarheid lê waarskynlik nie in die vraag **OF** ons dit kan vermag nie, maar eerder in die vraag **HOE** ons dit kan vermag.

Die antwoord: Met die keuses wat ons daagliks en voortdurend maak. Ons kies om **vriendelik** of **nors** te wees; ons kies om **kwaad te word** of **verdraagsaam te wees** en ons kies om **vroliek** of **neerslagtig** te wees, ens. Met die regte keuses kan ons die vrese van

oudword oorwin en hoef ons nie te aanvaar dat tyd die vyand is nie, maar eerder die oorwinnaar.

Terug op Kokanje... Oorweeg vir 'n oomblik die volgende keuses:

A – Negatief vs. B – Positief

1A. "Die wind sal seker weer waai..."

1B. "Wat 'n pragtige dag!"

2A. "Wat besiel hulle om die tuine so te verwoes?"

2B. "Het jy gesien hoe mooi word die tuine opgeknep?"

3A. "Vandag word my stoep weer vol stof en blare geblaas!"

3B. "Kyk hoe mooi skoon is my paadjies geblaas!"

4A. "Die buurman rook ons weer vandag uit Kokanje uit!"

4B. "My buurman geniet dit tog so om te braai!"

5A. "Die KE is vol. Waar gaan ek tog beland as ek versorging nodig het?"

5B. "Die KE is vol. Dankie Here vir my gesondheid en die

alternatiewe reëlins wat in plek is indien ek verswak is en versorging nodig het."

6A. "Die Bestuurskomitee mors alweer ons geld op 'n wit olifant!"

6B. "Die omskepping van die Dopkombuis gaan 'n groot leemte vul!"

Wat jou gesindheid gaan wees en hoe jy jou tyd gaan gebruik, is jou keuse. Weet net dat 'n negatiewe (A) keuse jou jou roeping in die lewe, nl. om **in die vrede en vreugde van Christus te leef**, kan kos.

Moenie toelaat dat enigiets of enigeen jou vrede of die kwaliteit van jou tyd steel nie!

Kokanje-Groete en -Vreugde.

Hennie Lacock



GESKIEDENIS EN INLIGTING

Besoek gerus die Kokanje-Webblad en kyk hoe professioneel die inligting daarop aan almal voorgehou word.

Daar is baie feite wat u interessant en nuuswaardig sal vind en ook aan familie en vriende (wat dalk voornemende kopers is) kan toon. Onder die Opskrif **KOLLIG** (nuusblad) sal u die mees onlangse tydskrifte, in volkleur, kan bekyk en die Gedenkblad bevat baie geskiedkundige feite aangaande Kokanje se totstandkoming en eerste 25 bestaansjare.



MEGS

connecting you to the world

FAST AND RELIABLE FIBRE CONNECTIVITY NOW AVAILABLE!

Optical fibre are long, thin strands of very pure glass about the size of a human hair (125 microns). They are arranged in bundles called optical cables and is used to transmit and receive voice, data and video over long distances.

**Free Installation
with month-to-
month contract**

CONTACT:

HERMAN : 0781568142

JOZUA : 0785642224

TENIKA : 0782031380

MARLYNA: 0834631741

**OVER 300
CURRENT CLIENTS
IN KOKANJE**

20 MBPS @ R299.00

50 MBPS @ R399.00

100 MBPS @ R499.00

DIE UITVOERENDE BESTUURDER, ANDRIES VISAGIE SÊ: "KOKANJE KOOK!"

Die Winter het ons bekruipt soos 'n dief in die nag en daarmee saam kan ons ook nou sê: "Goue kalf, ons jaar is half". 'n Terugblik op die 6 maande wat reeds uitgeloop het, maak my hart warm! Ons het heelwat projekte aangepak wat reeds pragtig vrugte afwerp vir Kokanje.

Die Optieseveselinstallasies vorder fluks, met meer as die helfte aangetekende eenhede wat reeds lewendig is. Die Dienssentrum is ook lewendig op die netwerk met uitbreidings na ander fasiliteite soos die KE, Werkswinkel, boorgate en Sekuriteit wat binnekort sal volg. Die Batterystelsel wat vir die KE geïnstalleer is, funksioneer uitstekend en meer as 60% van die insetkoste is reeds verhaal slegs uit die dieselkoste wat bespaar is omdat die krag-opwekker nie deur die nag hoef te loop nie.

Bemaking het 'n besige 6 maande agter die rug, met spesifieke veldtogte wat almal uiters suksesvol geloods is. Die Groot Ontbyt-veldtog het bestaan uit verskeie advertensies op die gewilde oggend TV-program, 'n lewendige uitsending op 29 Mei en 'n reeks advertensies op Die Groot FM se radioplatform. Dit is opgevolg met 'n TV-uitsending op Dawie Roodt se pro-

gram, Ontbytsake, op 23 Junie. Beide was baie suksesvol met goeie navrae wat gegeneer is. Hiermee saam was Kokanje goed verteenwoordig op die Netwerk 24 se Lewe Plus Expo van 10 en 11 Junie. Groot was die voorreg om ook ons passie te deel met ons gades. **Ronel, Paul en Wicus** het self moue opgerol tydens hierdie expo. Verkope vorder fluks, met meer as die helfte van ons doelwit wat reeds in getekende kontrakte lê.

Ons is opgewonde oor die tweede helfte van die jaar wat voorlê, met die fokus op projekte soos die omskeppings van die Dopkombuis in 'n addisionele funksionele versorgingseenheid, en die opgradering van die Sekuriteit, met 'n groot fokus op toegangsbeheer en die ontwikkeling van projekte wat reeds geïdentifiseer is, soos kleiner verblyfeenhede, waternetwerk, Kiosk-en-Teetuin, ens.

Ons is dankbaar vir die liefde en ondersteuning van ons Inwoners en nog meer so vir elke gebed wat opgaan vir die amptenare. Dit is waarlik 'n voorreg om te dien in hierdie uitsonderlike gemeenskap.

Andries Visagie



V.l.n.r. Wilmarie, Andries, Ronel,
Wicus, Paul en Anina.

**Netwerk 24 se
Lewe Plus Expo van
10 en 11 Junie 2023.**



O O G K U N D I G E

GEORGE VAN DER HOVEN

*Speciale pakkette
beschikbaar op
Enkelvisie, Bifokaal,
Multifokaal*

Sluit toets, raam en lense in
Terme en voorwaardes geld

Enkelvisie - R1500

Bifokaal - R2500

Multifokaal - R3500

Naboom | Nylstroom | Warmbad

066 517 2571

"WHAT'S IN A NAME?" – William Shakespeare

KOKANJE – Cockaigne of Cockayne (hou geen verband met dwelmmiddels nie.)

Uittreksel uit Wikipedia, die vrye ensiklopedie.
Ander mitiese plekke: Shangrila, Utopia en Camelot.

Tydens die onderhoude met Andries Visagie en Anina Pretorius onlangs op "Die Groot Ontbyt" en "Ontbytsake" het hulle vertel wat ons Aftreeoord se naam beteken, naamlik "Luilekkerland".

In die ongelooflike sprokiesverhale van die uiters armoedige Middel-eeuse volke van Wes-Europa was die Land van Kokanje die luilekkerland van uiterste welvaart – geen werk word verrig nie en heerlike voedsel word verorber in die land van melk en heuning!

Lyfeienes (arbeiders) het swaar gely op die landgoed van die edelmanne en hierdie denkbeeldige, idilliese land het gedien as 'n ontvlugting uit hul uiters benarde lewensomstandighede.

In hierdie mitiese plek het alle drome waar geword. Die weer was altyd aangenaam. Kos, drank en plesier was altyd oorvloedig beskikbaar.

Geroosterde varke het met messe in hul rûe rondge-loop om dit vir die mense makliker te maak om hulle te eet. So het gebraaide ganse direk in mense se monde ingevlieg. Gekookte visse het sommer uit die water gespring en voor jou voete neergeval. Daar was



fonteine en damme met wyn. Koek en ander gebakte lekkernye was net 'n armlengte van jou af.

Die stories oor Kokanje is van geslag tot geslag oorvertel. Aanvanklik mondeling, want die eenvoudige lyfeienes kon nie lees en skryf nie.

Die vertellers en latere skrywers het die verhale oor hierdie fabelland aanhoudend aangepas by die tydsges, want die beeld wat die mense van die Middeleeue van die samelewing gehad het, het gedurig verander.

In ons aftreeoord, Kokanje, het ons die heerlikste voedsel om te geniet gedurende weeksdae, met middagete. **Baie dankie Riaan Roets, Voedseldiensbestuurder en al jou assistente.** Sien kleurcollage van die Personeel op bladsy 39 en hoe Moeders- en Vadersdae geniet word (bladsye 42 en 43). Liza Oosthuizen se Snoepie verskaf ook

die heerlikste versnaperinge wat deur die week aangekoop kan word vir teetye of etes saans en oor naweke.

Die Bestuurder Vaste Bates, **Frans van Effrink**, en sy assistent, **Nikki Stratford**, asook die Werks-winkelpersoneel hou ons huise in stand en deur slegs 'n Werksversoekvormpie in te vul, word ons probleemies uitgesorteer. **Baie dankie julle!** Kleurcollage van hierdie Personeel op bladsy 39.

Die Hoof van Versorgingsdiens, **Patricia Snyders**, en haar Personeel sorg vir verswakke Inwoners se welstand in die KE en tuis. **Ons bedank elkeen hartlik!** Personeel van die verskillende skofte is op Internasionale Verpleegstersdag bedank vir hulle liefde en versorging. Hulle het ook sertifikate ontvang na voltooiing van die "Aids Awareness Course". Kleurcollages op bladsye 38 en 39.

Dan bedank ons ook vir **Andries Visagie, Uitvoerende Bestuurder**, en sy hele Adminspan wat vir die daaglikse, ordelike werking van al die ander algemene sake in Kokanje verantwoordelik is. **Ons waardeer julle!**

En... Ons kan enige tyd sla-pies inpas en met vriende en familie kuier en feeste hou, maar dit is waar die luilekker ooreenkoms op-hou. Die mens is nou maar



eenmaal so geskape dat hy waardeloos voel wanneer hy nie betrokke is en werk verrig nie. Dus werk Kokanje-Inwoners ook baie hard en sit daadwerklik hand by!

Ons Aftreeoord, Kokanje, is eintlik 'n werkskolonie/kibboets, want die Personeel en Inwoners het baie take en vasgestelde programme om die wiele glad te laat loop en te verseker dat al die vasgestelde Reëls en Regulasies van die Oord nagekom word. By die Sport-en-Ontspannings-en-Dienste-Klubs (SOD), asook Advieskomitees van die verskillende Kokanje-portefeuljes is daar Voorsitters, Sekreteresses en Lede wat op die Bestuur daarvan dien.

Tydens die Karnaval het almal skouer-aan-skouer saamgewerk om dit weereens 'n reusesukses te maak. Op bladsye 40 en 41 kan duidelik gesien word hoe elkeen sy deel bygedra het en die genot word op hulle gesigte weerspieël!

ONS WERK LEKKER SAAM:

New meaning of Kokanje = "Shosholoza" or "tshotsholoza!" means go forward or make way for the next man, in Ndebele. It is used as a term of encouragement and hope for the workers as a sign of solidarity.

Google, and listen to this lovely song.

BEDANKINGS DEUR DIE REDAKSIE

Die volgende persone word hartlik bedank vir **HULP** en **KUNDIGHEID** om die Augustus-**KOLLIG** voor te berei:

Keuring: Rita Noeth.
Taal- Fritz Wolff, Annette van Dyk, Anne
versorging: Kraay en Rita Noeth.
Proeflees: Hannelie Boshoff/Rita van der Hoven.
Bladuitleg: Rita Noeth, Leonie du Plessis en Lourens Durand.
Produksie: Rita Noeth.
Kleurcollages: Michèle Tarboton en Hetta Uys.
Voorblad- Pieter Rossouw, Mariesa Strydom en
foto's: Rita Noeth.
Ander foto's: Lourens Durand, Fotografieklub, Rita Noeth en persone wat artikels ingestuur het/klublede.
Tikwerk: Paula Nienaber, Rita vd Hoven, Leonie du Plessis en Anneke du Plessis.

Hartlike dank aan ons **Adverteerders** – sonder julle advertensiefooie sou die **KOLLIG** onbekostigbaar gewees het!

Pieter Knoetze, Marinda en Venter van der Westhuizen en Marion Moir het as **Advertensiewerwers** en **Tesourier** opgetree. **Postnet** was verantwoordelik vir die ontwerp van nuwe advertensies of die redigering en versorging van bestaande advertensies.

Ons bedank **Kokanje-Inwoners** wat verskeie bladsye teen R50 elk geborg het – ons waardeer dit baie!

Ons nooi almal hiermee uit om ons te nader om in die toekoms ook bladsye in die **KOLLIG** te borg.

Marion Moir.

Die Redaksie van **KOLLIG** bedank al die **Kokanje-Inwoners** wat die pragtigste artikels en gediggies ingestuur het.

KOLLIG-KLEINADVERTENSIES/KOLLIG-SMALLS

A. Isolerende Kooksak

Linda Sprenger, Huis 49D.
(014) 715-2150 of 083 506-9322.



B. MORINGA PRODUKTE (Olie, poeier en kapsules)

baie billike pryse:

Erina Lombard, Huis 30C.
083 452-2091
014 715-2663.



C. Beauty products & cosmetic treatments

Annette Nortje:
Salon Juenesse @ Kokanje.
45C Sering street.
083 438-3336.



D. Manshaarkappers 1.

1. Dietloff Bredenkamp,
Mispelstraat 21C.
082 415-3729.



2.

2. Wensel du Plessis 34E
072 212-7189.
Kan ook hare by u huis sny.



E. Manikuur en Pedikuurdiens.

Maria Botha,
Huis 6C.
(014) 715-2070 of
082 874-3027.



F. Maak van nuwe en herstel van bestaande Loodglaslampskerms en bedlampies.

Peet Marx,
Huis 89B.
083 286-9322.



G. Skerpmaak van messe en skêre. Krav-klasse.

Frik Grobler,
Huis 90B.
083 452-1836.




H. Gedroogde mangosnippers:

Chrissie Pretorius
Huis 39C
083 699-5978.



I. Algemene Nutsmanne:



ONTHOU:



Indien u iets wil **adverteer** in die Kleinadvertensies, of hulp aanbied as Nutspersoon (dit is **GRATIS**), kontak **Rita Noeth**. W/A: 083 307-1446.

Handgeskrewe **artikels** en **gedigte** kan in die **KOLLIG**-mandjie geplaas word – onder die posvakkies, voor Rita Deck se kantoor, of E-pos getikte artikels, gedigte en foto's na **ritanic2@gmail.com**

Kobus Pretorius 082 458-3423
Johan (JP) vd Merwe 081 438-7148
Peet Saayman 082 532-9041.



Bladsy geborg deur Lonka Bergsma. Baie dankie, Redaksie.

hunky dory

SOMER... SON EN KUIER!
KOM KUIER BY ONS ALLES IN EEN WINKEL

**SOMER SKOENE
SONSKYN ROKKIES
GESKENKIES
KOFFIEWINKEL**

**117 Nelson Mandela dr.
Modimolle / 083 490 8598**

**BRING ADVERTENSIE SAAM
VIR 10 % AFSLAG!**

Tel: 082 475 7202
Your Hairdresser by Duncan
Ladies and Gents Stylist

Bergstryd Singel No 7

PicknPay Centre

5 Gewels

To Vaalwater **To N1**

Van Riebeeck **Paul Kruger str** **Bakker str**

LS Eenheid

RUG PROBLEME?

Cloud Nine
beds for the rest of your life

**BEDDENS WORD TEN VOLLE ONDERSKRYF DEUR DIE
VERENIGING VAN CHIROPRAKTISYNS
VAN SUID AFRIKA**

As inwoner van Kokanje wil ek u graag bystaan met die volgende

- Keuse van regte bed
- Waarborg verduidelik
- Aflewering reël
- Spesiale prys beding



Rest Assured Also Available



Pieter Knoetze, Kokanje 57F
079 041 2878

Mans Haarsny
Dames Haarsny
Blowave
Set
Tint / Hi-light
Perm

KE asook Huisbesoeke beskikbaar indien
dit nie moontlik is om Salon toe
te kom nie.

Skakel gerus of kom loer sommer in
om u afspraak te maak.

Besigheidsure
Maandag - Vrydag
7:30 tot 12-30

Eloisa
Tel: 082 466 6806

Salon Kokanje Mari



LA BROUSSE

B I S T R O

CASUAL CONTEMPORARY RESTAURANT

OPEN FOR BREAKFAST, LUNCH & DINNER • CALL US FOR YOUR NEXT EVENT OR SPECIAL OCCASION



📍 Bosveldsig Centre • Maroela Ave • Modimolle

☎ 014 161 0946 / 076 070 4061 (Whatsapp) ✉ info@labroussebistro.co.za

Volitaire

by Mariana

Hair

• MODIMOLLE •



Left to right:
Zephni, Bekkie,
Mariana, and
Corinne.

kalahari™
ancient desert secrets

by
Carina Franck

Trusted skincare brand from ancient
desert secrets with de-aging properties

Stockists of:

NIOXIN
RESEARCH LABORATORIES, INC.
#1 solution for thinning hair

REDKEN
ESTABLISHED 1959



PAUL MITCHELL
PROFESSIONAL QUALITY PRODUCTS

WINDOLA
EXCLUSIVELY PROFESSIONAL

Kadus
PROFESSIONAL



COLLAGEN

Schwarzkopf

Services:

We only use the best quality products on our clients

- Colour & Cut • Perm
- Brazillian hair straightening treatment
- Brides & bridesmaids (can arrange to travel to venue)
- Extensions • Highlights
- Variety of hair treatments • Gents & Boys cuts

LOADSHEDDING?

No problem – we can still help!

Mariana 072 823 2806

Zephni 079 142 6056

Corinne 082 468 3803 (Nails)

NINA BEDANK HAAR OUMA EN DIE ORGANISEERDERS VAN DIE WINTER-KINDERSPELETJIES

Liefste Ouma Lèta Aucamp,

Wow! Baie dankie vir die lekkerste vakansie ooit!

Die hoogtepunt van die vakansie was definitief die georganiseerde kinderspeletjies van Oom Pieter Knoetze, Tannie Christie de Jager, Tannie Hetta Uys en Tannie Rita Noeth. Mamma het mos ook hand bygesit...

Bok-in-die-hok, mik-en-gooi, vroteier, vliegtuigies vou-en-gooi, sokkerspeel, ballon slaan, kegels omgooi, padda-resies, "musical chairs" en "Simon says". Al hierdie langasemspeletjies en lag en skree saam met ander klein

en groot meisies en seuns was te heerlik! Selfs Ouma en die ander kinders se oumas en oupas het saamgespeel en dit baie geniet.

Daar was gesonde kompetisie lekker oefening, beste maatjies ontdek en GEEN ELEKTRONIKA (sê Mamma!) Agterna het die nuwe maatjies BFF (Best Friends Forever) geword om met die oor-en-weer se gespeel die vakansie baie spesiaal te maak!

Ouma moet asseblief vir die ander kleinkinders se oumas en oupas ook van hierdie vakansiespeletjies vertel. Hoe meer maatjies, hoe beter!

Ek en Christiaan gaan nie Kersfees kom kuier nie, maar ons oefen solank ons balvaardighede vir die 2024 Winter-vakansie.

Groete aan al die oumas en oupas in Kokanje wat seker nou hulle kleinkinders baie mis.

"Love you,
Ouma!"
Baie liefde
Nina XXX.



OORVLOED EN NATUURPRAG – TEN SPYTE VAN WINTER IN KOKANJE... ONS PRAGTIGE VOORBLAD!

Voor die ysige Winter in Kokanje ondervind is, is hierdie pragtige foto's in die tuine geneem.

Ons het ondervind dat daar sitrusvrugte in oorvloed is. Inwoners het selfs mildelik daarvan geskenk aan Riaan Roets, om in die kombuis te gebruik.

Een plant in **Mariesa en Hannes Strydom** se tuin het hulle muur met die pragtigste herfskleure versier. Mariesa het vir ons foto's daarvan geneem.

Hannetjie en Dirk Ehlers het vertel dat hulle een boom soos 'n Kersboom lyk – met die oranje kanferfoelieblomme daarin.

Pieter en Christine Rossouw het grenadellas

in hulle tuin. Pieter het vir ons die pragtige (Passion flower) blom afgeneem.

Marie Kruger het die ongelooflikste oes van papajas hierdie jaar. In haar tuin is 3 opslagplante waarvan 2 kreun van die oorvloedige drag.

En dan is daar nog Appelliefies (Gooseberries) en Vuurdoringbessies ook...

Baie dankie dat julle almal hierdie prag met ons deel en dit vir **Michèle Tarboton** moontlik maak het om ons unieke voorblad te ontwerp.



Elkeen word hartlik bedank!

KULTUURKOMITEE: HUIKONSERT EN MELKKOSAAND

Ons Huiskonsert en Melkkosaand se beplanning het al gedurende September verlede jaar begin. Junie 2023 behoort nog baie koud te wees en ons vra onse Riaan Roets en sy span om weer melkkos, vars brood en konfyt vir die geleentheid te voorsien.

10 ronde tafels met 10 persone elk, 2 lang tafels vir die kos, bain-maries en pragtige swart tafeldoeke met outydse kantversierings, lanterns, ens. Alles klink reg en die saal word bespreek...

Bettie Botha beplan so 5 of 6 items met slegs Inwoners wat optree! Ons kan dus die kaartjies bekostigbaar hou.

Die eerste dag word slegs 6 kaartjies verkoop, maar ons hou moed! **Kom ons gebruik Blitznuus. Dankie tog vir hierdie fasiliteit!** Toe ek die volgende dag gaan loer hoe die verkope vorder, storm Lonka Bergsma en Hetta Uys my en vra benoud: "Die 100 kaartjies is uitverkoop en kyk, daar staan nog meer as 50 mense en wag – wat NOU?"

Na herbesin is, is uiteindelik 238 vrolike toeskouers/melkkos-eters geakkommodeer! Meer as 60 addisionele mense het net die gratis Konsert bygewoon. **Die saal was stampvol!** Die Eetsaal is feestelik gedek en almal het heerlik gesmul aan die melkkos en bykomstighede.

Die Kultuurkomiteelede het geswoeg en gesweet en hulle self oortref met die beplanning, maak van kaartjies, programme, sitplekaanwysings, later afdek en opruim, ens. Gewapen met ons "tortse" is die laaste helpers om 22:15 (in die donker) huis toe. Moeg, maar hoogs tevrede!

Elkeen word hartlik bedank vir hulle harde werk en onuitblusbare geesdrif!

DIE HUIKONSERT

Penny Maré se rangskikking in 'n groooot melkkan op die verhoog was pragtig en Johann Symington se opening en trefende boodskap oor Melkkos (**sien elders**) was uiters gepas.

Die Boereorkes met Bossie Boshoff en Danie Grey het die gehoor se voete laat jeuk en krete van "Balke toe" en "Joe-hy" het weerklink!

Dit is gevolg deur Ansie van Niekerk se Cantabile Sangers (Yvonne Lombaard en Schalk Vorster). Leon Snyders het ook deel gehad aan die keurspel van liederes uit ons jeug.

Die Administratiewe Personeel is verteenwoordig deur Andries Visagie se dogtertjie, Joanel, met vrolike, kleurvolle, akrobatiese danse wat ons laat verlang het na daardie tydperk tot ons of ons kinders ook nog so soepel was. Daarna is ons verras met Karen Pienaar se pragtige, gevoelvolle vertolking van "Mannetjies Roux", begelei deur Hélène Booysen. Wat 'n aangename verrassing!

Ons Engelse Troebadoer, Peter Hine, het 4 liefdesliedjies gesing soos net hy kan. Sy liefde vir die musiek en sy pragtige swewende danspassies vertolk die liederes soos iets uit ons romantiese jeug.

Die "Linedance Girls", onder leiding van Claudina Meintjes, het die passies so maklik laat lyk! Hulle het hulle denimlangbroeke behoorlik laat praat...

Die Galle (Galsteensangers) het ons almal weer laat skater

van die lag. Louise Taute moet 'n medalje kry vir die sêgoed wat sy uitkrap en so subtiel opgedis het. En dan die gesigsuitdrukkings en vertolking van die liedjies... Selfs die sedige, toegewyde Klankingenieur, Johan van der Hoven, se wilde, verrassende danspassies met Penny. Toggie, toggie!

Ja-nee! Bettie Botha, jy het vir ons 'n lekkerrrr konsert opgetower! Manlief, Ferdie, (die verhoogbaas) het hom ook baie goed van sy taak gekwyd.

**Baie, baie dankie
lieuwe Kunstenaars,
die Klankmanne,
Taphuishere en
almal betrokke by
die Huiskonsert.**

Die gehoor se harte en mae is opgevrolk en verwarm op 'n koue wintersaand.

Yvonne Kotzé



Bossie, Danie en Peter.



KULTUURKOMITEE – DIT KOM VAN VER AF!

Ek was sekerlik nie die enigste een wat uitgesien het na die Kultuurkomitee se Konsert-en-Melkkosaand nie, want, toe ek op die eerste dag ons kaartjies wou koop, was dit al amper uitverkoop.

Daar is besonderse en tipies Suid-Afrikaanse kos: Pap en kaiings, potjiekos, pampoenkoe-kies, malvapoeding, souskluitjies, melktert, le-werskilpadjies in niervet, afval en bobotie. Wat maak melkkos juis so besonders? D.J. Opperman kom dalk die naaste daaraan as hy praat van "My nooi is in 'n nartjie en my ouma in kaneel."

Melkkos is huiskos, maar meesal verlangkos. Soos iemand gesê het: "Dis 'n sieketrooster en 'n sakdoek." Dis kos vir 'n reëndag of 'n bitterkoue aand, of sommer net vir die lekker daarvan! Maar, melkkos is nie van hier, of inheems nie. Navorsing toon dat dit reeds in die sewende eeu v.C. in Persië geëet is en daar is dit gemaak met frummels – soos my een ouma s'n. In 500 n.C. kom dit ook in Arabië voor en in Italië word pasta of snylsels gebruik.

Wil jy lekker melkkos eet, met 'n bietjie anders gegeurde speserye by? Gaan probeer die melkkos van die Bo-kaap. Dis 'n baie gewilde kos onder Moslems.

In Namakmaland bly 'n kleinkind wat vertel dat haar ouma 'n Minora-lemmetjie gebruik om ekstra fyn repies frummels te sny. Daar noem hulle melkkos "slinger-om-die-smoel-kos", want terwyl hulle so lekker smul, hang die snylsels erg morsig om jou mond. Resepte verskil van familie tot familie. My ma het "padda-eiers" (sago/tapioka) in haar melkkos gegooi en ek hoor die volkskok, Leipoldt, het pasta gebruik.

Sommige gesinne eet blykbaar melkkos sonder kaneel, maar ek dink dit is juis daai stukke bruin stokkies en fyngemaalde kaneel wat dit so spesiaal maak. Net soos met pannekoek, melktert en souskluitjies.

Kaneel word reeds sedert 2 000 v.C. in Egipte gebruik. In die Bybel het Abraham dit geken en die bruidegom in Hooglied wou vir sy geliefde haar bed geur met mirre, aalwyn en kaneel. Kaneel word ook gebruik in die Joodse tempel – gesmeer aan die deurkosyne en ander plekke – en weë jou as jy daaraan gevat het!

Melkkos is dikwels gesien as armmanskos. Dit het die magie vol gemaak en die lyf warm, en die kind met 'n gevoel van saligheid bed toe laat gaan. In 'n stadium het dit 'n bietjie uit die mode geraak, maar sit dit nou op 'n spyskaart en ons oues van dae bestel dit heel eerste. Nostalgie, knusheid en liefde word alles in hierdie dis geproe.

Die Jode praat van die Pasga as 'n Fees van Onderdrukking, wat hulle herinner aan die swaar tye toe kos skaars was en die lewe bitter. Maar, ook as die Fees van Bevryding, want die stukkie ongesuurde brood, die bitter kruie en die soet appel, met 'n glasie wyn, maak beide emosies in hulle wakker. Hulle onthou die bitter, maar vier die goeie. Dalk sou ons vanaand die melkkos so kan sien, want ons bly mos in Kokanje, "die land van melk en heuning", met 'n frummeltjie meel en natuurlik kaneel!

Ek onthou Tannie Stella op ons dorp was die baas pannekoekbakster en Tannie Ansie se vetkoek en Tannie Marie se boontjiedredie was "tops", maar, Ouma se melkkos, gefrummel en soms met snylsels, was vir my die grootste be-derf! Ek weet Riaan s'n smaak net so lekker, en bloot die gepraat daaroor laat my mond water en veroorsaak 'n honger warrel-draai in my maag.

Johann Symington



HOOGLIED – LIEFDESLIED

'n Gedig deur **Julia Nel**, met 3 komponente:

1. **Sy** – Jong verliefde Israelitiese meisie.
2. **Hy** – Aantreklike jong Israelitiese man.
3. **Vroue van Jerusalem** – 'n Groepie Israelitiese vroue met vrae oor die toneel wat afspeel tussen die man en die meisie. (Belangstellend, of dalk nuuskierig?)

LIEFDESLIED (Met apologie aan koning Salomo.)

Sy – Die man wat ek liefhet is vir my 'n bos Hennablomme
uit die wingerde van En-Gedi.

Hy – Jy is mooi, my liefling, jy is mooi,
jou oë is duiwe agter jou sluier.

Sy – Ek is 'n affodil van Saron, 'n lelie van die laagtes.

Hy – My duif in die klipskeure, in die skuilplek teen die krans.

Vroue – WIE is dit wat daar soos 'n rookwolk uit die woestyn kom,
omgewe deur die geur van mirre,
van wierook en vol van al die lekkerruikkruie in die handel?

Hy – Jy is 'n granaatboom vol keurige vrugte,
Hennastruik saam met nardus en saffraan,
kalmoes en kaneel,
mirre en aalwyn,
saam met die beste lekkerruikkruie.

Daar is 'n fontein in my tuin,
'n put met borrelende waterstrome van die Libanon af.

Sy – Word wakker noordewind! Kom suidewind!
Waai deur my tuin, versprei sy geur!
Sy oë is soos die duiwe,
duiwe wat lyk of hulle in melk gewas is
waar hulle langs die water sit.

Vroue – WIE is dit wat soos die daeraad verskyn?
So pragtig soos die maan,
so helder soos die son,
so indrukwekkend soos 'n afdeling Vaandeldraers?

Sy – Ek gaan af na die neuteboord,
gaan kyk na die jong boompies by die spruit,
ek gaan kyk hoe die granaatbome bloei, die wingerde bot.

Vroue – WIE is dit wat daar uit die woestyn kom,
terwyl sy leun op die man wat sy liefhet?

Hy – Jy wat in die tuin woon en na wie se stem jou vriende luister,
laat my tog ook jou stem hoor!

Sy – Kom, kom man wat ek liefhet,
hardloop soos die ribbok,
soos die takboklam op die geurige kruieberge!
Hou my teen jou vas soos die seëlring op jou bors.
Die liefde is sterker as die dood!



Julia se inspirasie het gekom nadat sy verneem het dat sy iets moet voorlees by die volgende Pitkosbyeenkoms. Dit pas so pragtig in hierdie **KOLLIG** aan by Johann Symington se kruie en speseryedeel... Red.

KOP-EN-LEWENSSKUIF (MET OF SONDER SONKRAG)

Nuwe gesegde:

"Kom nou krag,
dat ons kan begin
met ons dag!"

Frustrasie is:

Wanneer jou rekenaar of
selfoon se tegnologie stadiger
werk as wat jou senior brein
en hande funksioneer.

Hopelik sal die "fibre" van
MEGS sommige sake
verbeter.

"Wolf, wolf, hoe laat is dit?"

Dit is altyd etenstyd in die
Eetsaal tussen 11:30 en 13:00
(gedurende die week).

Slaaptyd, naweekmaaltye,
ontbyt, aandete, teetye en
"wasdag" hang alles af van
Beurkrag en/of jou
Sonkraginstallasie!

Geluk aan diegene wat al effens aangepas het, of bogenoemde gelate aanvaar!

NUWE EN BESTAANDE KOMMUNIKASIE-BOUBLOKKE EN BEPLANDE KE-UITBREIDING

Gedurende Mei/Junie is die Oord verdeel in 11 verskillende blokke en 'n BK-Lid is aangewys as blok-leier van elke blok. Die Blokvergaderings het in alle erns begin en heelwat inligting is oorgedra aan Inwoners. Daar is vooraf geleentheid gegee om kwelvrae in te stuur en die nagevorste antwoorde is tydens hierdie byeenkomste behandel en uitgeklaar.



Kort daarna, op 21 Junie is die Spesiale Algemene- en Inligtingsvergadering gehou. Inwoners was in groot getalle teenwoordig en daar moes selfs ekstra stoele ingedra word.



Links:

Hennie Lacock,
ons nuwe Voor-
sitter van die BK.

Onder:

Alta van Dyk, ons
nuwe Ondervoorsitter van die BK
(Portefeulje:
Sorgkom).



Die motivering vir die Uitbreiding van Kokanje se Versorgingsdienste is deur Alta van Dyk voorgelê. Dit is byna eenparig goedgekeur dat die Dopkombuis omskep gaan word in 'n 8-bed afdeling (F) wat vir 'n proeftydperk van 12 maande bedryf gaan word. Na 12 maande sal die verslag bepaal of dit op 'n permanente basis bedryf gaan word, of nie.

Bo:

Nick Noeth en sy
blok, Seringstraat,
se Inwoners.



Links en onder:

Willie Swanepoel en
sy blok, Raasblaar-
straat, se Inwoners.



Alta, besig met haar
voorlegging.



Matthysen
a u d i o l o g y

Modimolle - Bela-Bela - Mookgophong

GEHOORVERLIES
affekteer nie net ons
kommunikasie nie,
maar ook ons
lewenskwaliteit en
gesondheid.

Hou jou ore fiks. Kies 'n gelukkige, gesonde lewe!
Ons kan jou help... 014 717 1139

**Kom besoek ons gevestigde
praktyk in Kokanje by Dr. Breedts, vir
persoonlike en professionele diens.**

- ▶ **Herstel & Dienste**
- ▶ **Gehoorbekermers**
- ▶ **Wasverwydering**
- ▶ **Gehooraapparaatpassings**
- ▶ **Ondersteunende luistertoestelle**
- ▶ **Gehoortoetse**
- ▶ **Verstellings**
- ▶ **Batterye**

Skeduleer u afspraak by 014 717 1139

OMGEWINGSBEWARING:

DIE NAALDEKOKERDAMMETJIE

Die Naaldekokerdammetjie (by die ingangshek) is 'n projek wat vroeër deur Warwick Tarboton geïnisieer is. Die doel daarvan was om 'n on-ooglike area te omskep in iets besonder, asook om Inwoners meer bewus te maak van hierdie interessante en kleurvolle insekte.

🌸 (Sien: Tarboton, W. & Tarboton, M. 2019. A guide to the dragonflies and damselflies of South Africa. Penguin Random House.)

Mettertyd is die dammetjie egter oorgeneem deur filamentagtige alge wat 'n onaansienlike slymlaag oor die hele oppervlak gevorm het.



Aangesien hierdie tipe alge op warm sonskyn-dae binne 24-uur tot 8 keer kan vermeerder, is die gereelde skoonmaak van die dammetjie of die afskep van die alge nie 'n permanente oplossing nie. Die skoonmaak versteur ook die ekosisteem en maak al die naaldekoker-nimfe, wat vir maande onder die water lewe, dood.

Om die alge-probleem te bekamp, is daar besluit om 400 inheemse kurpertjies (vier spesies Tilapia en Oreochromis) in die dammetjie vry te laat. Die keuse van spesies en die getal vissies is in samewerking met die vistelery in Hartbeespoort bepaal om te verseker dat al die vissies meestal alge eet en nie naaldekoker-nimfe nie. Naaldekoker-nimfe wat onder die water lewe, is aggressiewe predatore wat onder andere muskietlarwes, maar ook baba-vissies eet.

🌸 (Kyk gerus na die YouTube-video oor naaldekoker-nimfe <https://youtu.be/OlfXSe0wyUs>).

Aan die ander kant sal die kurpers ook SOMS muskietlarwes en klein naaldekoker-nimfe eet, maar dit is NIE hul hoofvoedselbron nie. In 'n gesonde sisteem sal daar dus 'n balans tussen die visse en naaldekoker-nimfe ontstaan. Die visbevolking in die dam sal ook na-



tuurlik beperk word deur visvangers, platannas (wat insekte en visse eet) en die hoeveelheid kos wat beskikbaar is.

Die doel was nooit dat al die alge in die dammetjie uitgeroei moes word nie, anders sou die visse nie genoeg kos hê nie. Na 'n paar weke was daar reeds 'n vermindering in die alge – veral opmerklik vroeg in die oggend. Filamentagtige alge sak snags af en sodra dit lig word (en hulle begin fotosinteer) styg hulle weer boontoe. Daar is dus 'n merkbare verskil in die hoeveelheid alge op die oppervlak van die dam vroeg soggens teenoor laat in die middag. Die slykkomers wat voorheen die hele oppervlak van die dammetjie bedek het, is gelukkig nou weg, hoewel daar steeds laatmiddag los-drywende alge sigbaar is.

Ongelukkig was daar 'n tyd gelede 'n terugslag met die eksperiment. Na 'n besonder warm periode is die water deur 'n groot hoeveelheid munisipale water aangevul. (Dit was NIE uit ons opgaartenks of boorgate of deel van ons hooftoevoer nie.) Waarskynlik is te veel water op 'n slag bygevoeg, maar dit kan ook wees



dat die munisipale water te lank in die pyp gestaan het. Die gevolg was katastrofies! Binne 'n paar uur het 'n groot aantal visse gevrek en moes ongeveer 300 dooie visse uit die dam verwyder word. Gelukkig het daar heelwat visse oorgebly en sal hulle hopelik mettertyd weer tot hul vorige getalle kan aanteel. Intussen is 'n nuwe pyp (danksy Charl Stander) dadelik na die dammetjie aangelê, sodat dit voortaan deur boorgatwater aangevul kan word.

Inheemse kurpertjies is baie goed gekamoeleer en duik vinnig vir skuiling wanneer hulle enige beweging bespeur. Dit is dus besonder moeilik om hulle te sien, wat help dat hulle nie so maklik soos goudvissies deur visvangers gevang kan word nie. 'n Mens se beste kans om hulle te sien, is wanneer jy vir 'n ruk doodstil staan en wag totdat hulle weer rond'flits' om hulle teenwoordigheid aan die ander vissies te adverteer.

Peet van Dyk
(namens WAKOM)



TREES ARE WHAT KOKANJE IS ABOUT!

What struck you most when you first drove into Kokanje?

Was it the name on the wall as you turned off the main road, or the entrance gate, or the gardens at Rus-'n-bietjie dam, or the quaint cobbled roads, or the put-put course, or the main buildings or was it, perhaps, the trees? It was the trees for me – the raasblaars, boekenhouts, wildesering, vaalboom and klappers that line the entrance road, and the lovely old krinkhout that once stood at the Kameeldoring turn-off. But it was only when I began exploring the "natuurgebiede" in Kokanje that I became aware of how many species of indigenous trees grow in this little natural paradise that we call home.

I am not sure which of the founders of Kokanje who, so appropriately, gave tree names to our roads, but it was one of our past residents who carefully documented what naturally-occurring tree species are to be found here. She was the late **Jakkie van Aardt**, a self-taught tree expert, and during her years here she got to know the natural areas in Kokanje intimately. She discovered 67 species on the property and I'm sure she didn't miss a single one. You could ask her to show you any one of them and she'd take you to it, be it the waterbergkiepersol in the north-west corner, or the tontelhout nearby, or the bergvaalbos near the Naaldekoker dam. None of the many trees that, with mixed blessings, have been



planted here, like the papierbasdoring, apiesdoring, koorsboom and worsboom that cause endless problems with our water and sewage reticulation, qualified for her list.

Her tree list is a small sample of what occurs in the wider Waterberg which is the extensive sandstone plateau that extends northwards for 150 kilometres from its foothills where we live. As all gardeners here know, the very sandy, nutrient-poor soils derived from these underlying sandstones make growing flower gardens hard work, but our indigenous trees are adapted to such conditions and despite the soils, and come drought or flood, they survive and thrive. As a group they are quite distinctive, most species, for example, being deciduous, losing their leaves in winter, and most are broad-leaved species, their broad leaves designed to maximise photosynthesis in the wet season before shutting down in the dry winter. And many of them are old, often 50-100 years old, some much older. A partly cut-down fig tree alongside the road to Vaalwater, for example, has 482 growth rings visible on its cut-off trunk, so it was here long before the arrival of the first white people.

The tree list for the greater Waterberg area is, of course much larger than 67 as a result of the varying terrain, with rivers and hills and valleys,

north- and south-slopes, kranzes and kloofs, areas of differing altitude and higher and lower rainfall. Some of the large properties in this area have tree lists of 100-150 species and the overall list for the region is in excess of 300.

Among them are a handful that occur only here, e.g. waterbergmispel, waterbergboswilg and waterbergrosyntjie – you can see these and all the other trees of the area if you visit the website 

www.waterberg-bioquest.co.za.

And for those who enjoy trees, the walks in Kokanje's "natuurgebiede" offer food for the soul, while a drive into the Waterberg will add to the enjoyment. And be on the lookout in about a year's time for the arrival of a new book "**The trees and shrubs of the Waterberg**" * that is underway!

Warwick Tarboton

(* Wilde sering, *Burkea africana*, from Warwick and Michèle's latest book. Ed.)



In 2012 het een van Kokanje se bekende digteresse, Rien Joubert, haar Christelike bundel " 'n Wag-'nBietjie Bly" laat verskyn. Dit handel oor die 16 Bosveldboome waarna ons strate vernoem is. Red.

VEILIGHEID- EN SEKURITEITSDIENSTE

Santim se sekuriteitsdienskontrak het teen die einde van verlede jaar ten einde geloop en die Raad het besluit om tenders vir die diens in te win.

12 diensverskaffers is genooi om te tender en na 'n deeglike evaluasie van verskeie faktore is 'n paar maatskappye op kortlys geplaas. Daar is voorleggings ter plaatse gedoen.

Konsultasiedienste is van 3 maatskappye verkry om ons te kom adviseer oor moontlike tekortkominge en die wenslikheid om uitbreiding van ons bestaande stelsel te doen. Uitbreiding van die stelsel het ten doel om veiligheid en sekuriteit van Inwoners in Kokanje te verhoog.

Sekuriteitsdienste by Kokanje bestaan uit:

1. Wagte wat hek- en patrolliediens verrig.
2. Instandhouding van hekke, heinings en toerusting (kameras, alarmstelsels en toegangsbeheer).

Groter klem gaan in die toekoms op kameras en die monitering van areas gedoen word (beweging in sekere areas, toegang tot leë huise en tuine, ongewenste betreding en toegang tot die perseel – voertuie en voetgangers).

Diensverskaffers het hul aanbeveling oor wagdiens en die uitbreiding van toerusting gemotiveer en bespreek. Aanbiedinge en aanbevelings het gewissel

vanaf enkele kameras tot 'n algehele, onbekostigbare nuwe infrastruktuur.

Om die hoogste standaard teen 'n bekostigbare prys te verkry, het die Raad die Veiligheid en Sekuriteit Advieskomitee (Sek-kom) saamgestel. Een van die opdragte aan die Advieskomitee was ook om verkeer en verkeersreëls binne Kokanje te bestudeer.

Op 1 Julie 2023 het 'n verandering van diensverskaffer plaasgevind en was nuwe gesigte en uniforms van Jumas Sekuriteitsdienste op die perseel sigbaar. Vir 'n tydperk van 3 jaar onderneem Julius Weideman (voorheen 'n ervare, senior offisier van die S.A. Polisiediens) en sy span om hoogs effektiewe sekuriteit en veiligheidsdiens in Kokanje te lewer.

U gaan 'n paar klein veranderinge teenoor vorige werkswyses opmerk: Inwoners, besoekers en werkers se voertuie gaan gestop word om bagasiebakke te deur-

soek; u mag dalk meer briefies of permitte vir werkers skryf; werksure van huishulpe en tuiniers mag dalk aangepas word; besoekers en afleweringsvoertuie mag dalk aan strenger vereistes onderwerp word; meer kameras mag ingespan word om ons leë huise, hekke en lyndrade te beveilig – **alles om Kokanje 'n meer veilige woonplek te maak en dit so te hou.**

Julius Weideman en sy span het reeds verskeie probleme wat in die verlede voorgekom het, aangespreek en reggestel. Wees asseblief geduldig met die nuwe proses.

Willie Swanepoel



Lede van die Veiligheid- en Sekuriteitsadvieskomitee: **V.I.n.r.** Pieter Matthyser, Hennie Kruger, Willie Swanepoel (Voorsitter), Anton Brits (Verteenwoordiger en Vise-Voorsitter), André van der Merwe en Phil Wright.



A while ago **KOKANJE WORKSHOP STAFF**

attended a Fire Fighting Course.
It was presented by Nick of Santim Security.

Photos and
information by
Frans van Effrink.





URIC ACID COMBO

Our Uric acid control combo is a blend of herbs that helps to lower and excrete uric acid. High levels of uric acid may lead to joint damage, kidney disease and even heart disease.

PIERRE 
ECOHEALTH

Bets Botha-
Nylstroom, Naboom &
Marblehall
072 605 5053



Bosveld
Carpet Cleaning

BOSVELD CARPET AND UPHOLSTERY CLEANING

Dienste:

Skoonmaak van:

- Matte
- Banke
- Matrasse
- Los matte
- Kantoor stoele

Kontak:

078 502 8725
bosveldcc@gmail.com

- Nylstroom
- Warmbad
- Vaalwater
- Naboom



EDNA

Mediese Verspreiders
Medical Distributors

SUPPLIER OF QUALITY MEDICAL GOODS
FOR YOUR EVERY NEED

WHEELCHAIRS
ADULT DIAPERS

ROLLATORS

MEDICAL DEVICES

OXYGEN PRODUCTS

012 335 8104

581 Frederika Str,
Gezina, Pretoria www.edna.co.za



EGOSAN

Natural
Comfort
Vita Safe™

WEES OP U HOEDE...

"Covid is verby" sê hulle...
"Net 'n ligte ou griepie" sê hulle... **Toe nou nie!**

Sondag kom ons by Cape Vidal aan en slaan kamp op. Maandag is ons só siek dat ons heeldag in die Boslapa se bed bly... Ek is só koorsig – die see klink soos Weesgerus se kragopwekker. Ek wonder vies hoekom Beurtrug so lank aanhou. Die naaste apteek is so 50 km ver in St Lucia. Maar, "Nee" sê die slim apteker "ons hou nie meer toetse aan nie, want Covid is weg."

"Waarheen?" wonder ek hardop. Met medisyne vir ons griepie is ons terug kampbed toe.

Gelukkig is Peet nie honger nie, want Riaan se kombuis is baie vêr weg... Ek verstom my (amper in bewondering) vir die virus – wat ons verskillend aanval. Ons simptome verskil meestal heeltemal. Om te sê ons is so siek soos 'n hond of twee, is om gaaf te wees met die hond. Woensdag begin ons stadigaan kamp opbreek om terug te gaan huis toe. Terug in ons lieflike Kokanje het ons positief getoets vir Covid, kry die regte medisyne, kos word afgelewer, en die Suster was altyd vroeg hier om te kom suurstofvlakke meet.

So... nou ná 3 jaar, weet ons ook hoe dit voel om Covid te

hê! Miskien moes ons harder gesoek het vir die volgende "booster"-inspuiting. Of my masker opgesit het daai dag toe dit so besig was in Checkers en die apteek...

Nou, 'n paar maande later, kan ek dit maar sê: "Ek was in my lewe nog nooit so siek soos dié keer nie."

Bly veilig!

Alta van Dyk

(Hierdie berig is vroeg in Mei 2023 geskryf.)



(Intussen het 'n paar Inwoners ook baie siek geword van Varkgriep en Diarree. Red.)

WEES PARAAT – VERAL IN ANDER STEDE EN DORPE!

Krav Maga – Israeli-selfverdediging. Hebreeus vir kontak-vegkuns of ware vegkuns. Dit is 'n eenvoudige, aggressiewe, maklik-om-te-leer, maklik-om-te-onthou metode van selfverdediging. Opleiding fokus op beginsels eerder as op tegnieke, want nie 2 aanvalle is dieselfde nie.

Die essensie van Krav (kortweg), kan verstaan word deur van die beginsels te omskryf:

1. Tegniekbewegings word gebaseer op natuurlike instinkte.
2. Tegnieke moet 'n reaksie wees op die onmiddellike gevaar.
3. Tegnieke moet gelyktydig verdedig en teenreageer.
4. Een tegniek moet teen verskeie aanvalle werk.
5. Tegnieke moet vir die gemiddelde persoon toeganklik wees.

Krav is nie gevegskuns nie. Tradisionele gevegskuns neig om oorgelewerde tradisies te behou. Meerderheid sisteme word deur 'n sport-mentaliteit oorheers. Krav poog om anders te wees. Tegnieke word deeglik ingeëf, maar wanneer daar verdedig moet word, gebeur dit nie volgens vaste reëls nie.

Oorsprong van Krav:

Die stigter van Krav is Imi Lichtenfeld (Hongaarse Jood). Gedurende die Tweede Wêreldoorlog moes Jode hulle noodgedwonge teen anti-Semitiste verdedig, wat aanleiding tot die ontwikkeling van Krav gegee het. Met die totstandkoming van die staat Israel in 1948 is Lichten-

feld gevra om die stelsel in hulle weermag te implementeer. Sedertdien het dit as Krav Maga bekend gestaan.

Omvang van Krav-tegnieke:

1. Grepe: ± 10 tegnieke om uit grepe los te kom en teenreaksie.
2. Mesaanvalle: ± 10 tegnieke om aanvalle af te weer en wapen af te neem.
3. Vuurwapens: ± 10 tegnieke om vuurwapens af te neem met teenaanvalle.

Oefensessies in die Lapa:

1. Maandae om 16:00.
 2. Woensdae om 07:00.
- Sessies duur sowat 60 minute.



Daar is geen koste verbonde aan die kursus nie.

Almal is dus baie welkom om aan te sluit.



Frik Grobler

Bladsy geborg deur Lonka Bergsma. Baie dankie, Redaksie.

VERSORGINGSDIENS – VERPLEEGSTERSDAG

Alta van Dyk
aan die woord:

Internasionale Verpleegstersdag word jaarliks in Kokanje op 12 Mei herdruk. Florence Nightingale is op daardie dag in 1820 gebore en later genoem **"The Lady with the Lamp"**. Sy was 'n sosiale hervormer wat baanbrekerswerk gedoen het in moderne verpleging tydens die Krimoorlog.

Internasionale Verpleegstersdag is vir die eerste keer in 1974 gehou om die belangrike rol wat verpleegsters in gesondheidsorg speel, uit te lig.

Ons Verpleegpersoneel het elkeen 'n baie oulike en handige geskenkie ontvang om hulle te bedank vir hulle professionele diens en liefdevolle behandeling van verswakte seniorburgers in die KE en tuis.



Die tema vir 2023 is:
**"Ons Verpleegsters.
Ons Toekoms!"**

Die dames van die verskillende skofte is saam afgegaan met die oorhandiging van hulle geskenke, asook hulle "HIV Awareness"-sertifikate.


Die Admin-, Kombuis- en Werkswinkelpersoneel, wat terselfdertyd bogenoemde kursus voltooi het, is ook te sien met hulle sertifikate.

Sien kleurcollages op bladsye 38 en 39.



BAIE DANKIE!

Venter en Marinda van der Westhuizen bedank **Suster Pulane Tejane, Lucy Maseka en al die ander Tuisversorgingspersoneellede** wat so mooi omgesien het na Venter. Hy het sommer baie gou aangesterk en loop rond en kuier heerlik by al sy bure in Raasblaarstraat.



HAAI, KOKANJE-INWONERS!

George Temple sê:

"Kom ons almal
'Stop en Wag 'n Bietjie'
by al ons stopstrate..."



En Annette van Dyk sê:

"Kom ons en ons besoekers waai en groet
almal wat in Kokanje is, baie hartlik!"

WIE MOET ONS BEDANK?

Wanneer die heerlike, stommendwarme mieliepap sogens voor my neergesit word as deel van my ontbyt in die KE, begin ek terugdink aan almal wat daarvoor bedank moet word...

Proses van Pit tot Pap:

Daar word deur die Boer beplan, die saad en bemesting aangekoop, die land geploeg, die mieliepitte gesaai en dan daaglik smekend gebid en vol verwagting opgekyk Hemel toe – vir die reënwoelkies se noodsaaklike druppels om die groen blaartjies deur die grondkors te laat breek.

Wanneer die geil, groen mielielande byna reg is vir die oes, loop die dankbare Boer tussen die rye. Sy hande raak liefkosend aan die pragtige mieliekoppe. **Oestyd is hier!**

Ek onthou nog die outydse ploegskaar en dorsmasjien, asook die talle goingsakke waarin die pitte opgevang is. Hulle word toegewerk en weg-gery meule toe. Die fynge-maalde mielies, stapelvoedsel van miljoene, word gemaal en met dankbaarheid gebruik.

Ons sê baie dankie vir die volle Mieliepitpakket:
Groot dank aan ons Skepper

en aan elke Boer in ons land wat (tans met nuwerwetse implemente) meliameel, stampmelies, meliegruis, ens. voorsien vir ontbytpap, pap vir sous en braaivleis, of paptert en pappoffertjies!

Susan Saayman

Die Plaaskind van lank gelede.



EN WIE BEDANK ONS OOK?

Die noodknoppie het nog skaars ophou lui in die KE...

Douvoordag, op hierdie besondere Sondag, het **Lucy Maseko en Anami Burger** dadelik met die KE se golfkarretjies gery en gaan handjie bysit by **Buurvrou 1.** waar daar 'n noodsituasie ontstaan het. **Buurvrou 1.** is op haar gemak gestel en gehelp om weer rustig in die bed te kom. Daar is ook bykomende reëlins ge-

tref – waarvan sommige op Maandag in werking sou tree.

Buurvrou 2. (langsaan) het iets te ete en te drinke (roosterbrood met Marmite en tee) voorsien gedurende die dag. En Buurvrou 3. en die huis-hulp was die Maandag aan diens. Dit laat 'n mens besef dat daar daaglik noodsituasies in Kokanje plaasvind en dat dit stil-stil en professioneel opgelos word.

Baie dankie **Lucy en Anami, asook suster Pulane Thejane en al die ander lede van die Tuisversorgingspan**, wat agter die skerms werk tot voordeel van dié Inwoners wat soms in nood verkeer en nie meer in staat is om alles self te hanteer nie.

Dankbare Buurvrou 1.



Suster Pulane

En... in die KE self is daar baie sulke noodgevalle. Dit lyk soms asof die Personeel nie altyd besig is nie, maar die teendeel word daaglik bewys – hulle is op hulle pos en hou die verswakte Inwoners rustig, tevrede en versorg!



Soos gesien op die Kokanje-TV.

5 Gewels Gebou Modimolle

FLOWTECH
072 505 8906

We repair:

LG Hisense
Panasonic SIEMENS
SONY OMEGA
SAMSUNG JVC

Electronics

40" SMART TV
HISENSE
dts
HDMI
HDMI
HDMI

FLOWTECH
072 505 8906

KIC BOSCH

LG SAMSUNG
Speed Queen smeg
Whirlpool DEFY
Kelvinator DStv

Herstel van
Yskaste
Vrieskaste
Wasmasjiene
Tuimeldroërs
Skottelgoedwassers
Mikrogolfoonde
AIRCON - Installasies

5 Gewels Gebou
Nelson Mandela Ave, Modimolle

082 719 2461

TV'S / RADIO'S / OONDE / STOWE / PC BORDE
Isntallasies van DStv skottels



Gerieflike billike verblyf vyf-minute vanaf verskeie hospitale. Kloof, Pretoria Oos, Cintocare asook Fearie Glen.

Koningin-grootte bed met ensuite badkamer, basiese kombuis en privaat ingang. Veilige onderdak parkering.

Kontak Melissa by
0828835497
Gebruik kode NYLIE vir
10% afslag.

OLYFPRESERVERING OP EIE BODEM...

Ons Voedseldiensbestuurder, Riaan Roets, se inisiatief en vindingrykheid het weereens ingeskop, en vir die eerste keer in Kokanje word daar nou Olywe gepreserveer in ons Kombuis, vir gebruik in ons heerlike geregte.

26 Mei 2023:

45 kg rou, Swart Mission-Olywe arriveer in Kokanje (vanaf Kleinhoekkloofplaas, omgewing Ashton).

Met groot opgewondenheid begin die

langsame proses: 3 splinternuwe 25-liter plastiekdromme, met deksels, word gesteriliseer. Olywe word daarin verdeel, met koue, vars kraanwater bedek en dig toegemaak.

Vir die volgende 18 – 21 dae word olywe elke dag (ook naweke) deurgeroer, gedreineer en met koue, vars kraanwater bedek.

Dag 18: Proe olywe, indien nog frank/bitter, herhaal vorige proses tot op dag 21. Dreineer olywe, bedek met 'n soutoplossing, maak weer dig toe. Roer daagliks vir die volgende 5 dae.

Olywe word gedreineer, bedek met 'n wynasyn oplossing, elke dag deurgeroer en dig toegemaak vir 5 – 7 dae. (Ook oor die naweek.)



26 Junie: Olywe nou gereed om gebottel te word. Nuwe bottels word gesteriliseer. Olywe word gedreineer en in lae gepak, met kruie, knoffel, rooi- en groenrissies en suurlemoen-skyfies.

'n Oplossing van wynasyn, sout en koue vars kraanwater word gebruik om bottels mee vol te maak. 'n Lagie olyfolie word bo-oor gegooi en bottels word verseël.

Bottels word gebêre vir 2 – 3 maande, voor gebruik.

Op of na 26 September:

Inwoners gaan hierdie baie spesiale olywe proe! Die spesifieke dag hang af van die week se spyskaart.



Welgedaan, Riaan!



KOKANJE, HIER WIL EK VIR EWIG BLY!

Na die heerlike Konsert-en-Melkkosaand het ek weereens tot hierdie besluit gekom...

Johann Symington open en lei die aand in. Met sy skryfvaardigheid skets hy 'n lys van smullekke boerekos, huiskos! Hy voer ons gedagtes ver terug – na Ouma en Ma se kombuis! Ons sien weer die koolstoof en ruik die onweerstaanbare geure. Nostalgie op sy beste en ons is waarlik trots op ons tradisies! Johann se gebed is in ligte trant, met 'n aansteeklike opgewondenheid en dankbaarheid vir die voorreg om hier in Kokanje te wees.

Die pragtige danse, solosang deur ons eie kunstenaars en uitstaande begeleiding herinner ons aan ons sorgelose verliefdheidsjare.

Hoe anders kan die program afgesluit word as met die humor en kwinkslae van die Galle?

Baie dankie aan elkeen van die deelnemers!

Die Melkkos uit die Kokanje-Kombuis is op geen ander plek so lekker nie! Ons innige dank aan Riaan, Adré en alle helpers wat die heerlike eetgoed gemaak het en die 2

oorvol eetsale so mooi en keurig opgetooi het!

Op dieselfde manier sorg Kokanje vir goeie bestuur en administrasie. Ons bly in 'n keurigversorgde en veilige Aftreehawe.

Om hier te bly maak ons trots, het ons vrede in ons harte, en voel ons SPESIAAL!

Jeanette Kramer



Bladsy geborg deur Bokkie en Jorrie Lombard. Baie dankie, Redaksie.

ONS KOKANJE-PAADJIE EN ERVARINGS TOT NOU TOE!

Ons, Jan en Magda Lüneburg, is nou waar ons wou en moet wees. Ons paadjie na Kokanje, spesifiek na 73F in Kiepersolstraat, was een wat vir ons bestem is deur Hom wat ons lewe rig. Sowat 18 jaar gelede het ons ons familie, wat toe reeds in Kokanje gewoon het, besoek. Hulle entoesiasme en opgewondenheid oor Kokanje, asook die Bosveld-aantreklikheid van die Oord en sy geriewe, was aansteeklik. Dit het ons toe reeds oortuig dat dit die plek sal wees waar ons graag sal wil wees, "eendag".

Omdat ons ons naam en harte op spesifiek 73F gesit het en omdat ons nie in beheer is van die toekoms nie, het ons geduldig gewag vir Anina se oproep. 22 November 2022 het aangebreek – ons was toe bevoorreg om in huis 73F in te

trek! Ons het reeds in April 2018 ons eerste Kokanje-Karnaval beleef en dit was vir ons 'n wonderlike en feestelike ervaring – ons het maar net weer op daardie stadium besef dat ons "wag" die moeite werd gaan wees.

Die 2023-Karnaval was ons eerste as Inwoners hier en dit was weereens so uiters aangenaam en feestelik vir ons.

Ons is reeds besig om in te skakel in ons nuwe, lekker wêreld. Magda beoefen as stokperdjie graag kwiltwerk en is reeds lid van ander heerlike klubaktiwiteite van Kokanje. Ek is nog steeds besig met my beroep as Professionele Waardeerder en as Prinsipaal van my eiendomsbesigheid, nl. Lüneburg Eiendomme en Waardasies. (Area van werk is Brits

tot Thabazimbi, die hele Modimolle-omgewing, Vaalwater en Lephalale.)

Ons wil graag almal bedank wat, met hul vriendelike harte, ons reeds hier so welkom laat voel, en byvoorbaat dankie vir diegene met wie ons nog vriende gaan maak.

NS: Die onbaatsugtige diensbaarheid en die entoesiasme van die mede-bewoners van Kokanje en van die Bestuur, is vir ons baie besonders.



Jan en Magda Lüneburg

POEDING VIR ONTBYT!

Geen karnaval is volledig sonder 'n behoorlike poedingtafel nie!

Die 2023 Kokanje-Karnaval het, danksy die Rolbalklub, gespog met 'n poedingtafel 1000, wat almal aan die praat gehad het. Dit was my voorreg om vir 'n tydjie te kon help met die verkope op die dag... en wat 'n belewenis!

Daar was 'n enorme verskeidenheid gebakte nageregte, koue nageregte en goudgeel vla.

Van baie vroeg af het die mense toegestaan om 'n bakkie regte "basaarpoeding" te kry – ander kos was absoluut 'n bysaak. Sommige mense verkies 'n bakkie met slegs een soort poeding. Ander verkies net koue nagereg... Maar, die meeste wil beide gebakte en koue nagereg hê – somer alles in 1 bakkie! Dit is hoegenaamd geen probleem dat alles bo-oor mekaar geskep word nie! Inteendeel, daar was gereeld opmerkings

oor hoe kleurvol die bakkies was en die gevoel was: "Hoe soeter, hoe beter!"

Dit was opmerklik dat, hoewel fondsinsameling die hoofdoel was van die verkope, die poedingtafel veral gesorg het vir heerlike saamkuier en baie lag.

Komplimente aan die organiseerders van die Karnaval en almal wat betrokke was by die voorbereiding van hierdie heerlike, sonnige kuierfees.

Welgedaan!



Leonie du Plessis



ONS KARNAVAL VAN 2023 SE SUKSES GROOTLIKS TE DANKE AAN HIERDIE 32 BORGE!

Outdoor 24,
NTK,
Spar,
AVBOB,
Status Begrafnisdienste,
Isuzu/Nissan (Hoffman Holdings),
Haval,
Action Ford,
Protea Apteek,
Van Heerden Apteek,
Fortecare,
PSG-Beleggings,
Satellite Connection,
Waterberg Krematorium,
Ramkat Radio,
Die Bakhuis,

Waterberg Stereo,
Weslou Matte,
Cate-a-bake,
Hunters Slaghuis,
Reënboog Groente,
TNT Groente,
Ciro,
Northern Foods,
Ocean Breeze,
DCL,
PicknPay Modimolle,
Plastic World,
Moorddrift Melk,
Alferfarming,
Bergsig en
Hobbs Meat.

Hierdie besighede het Kokanje se Karneval vir die eerste keer, of by herhaling, ondersteun met dienste, produkte en finansies. Uit dankbaarheid vir hierdie donasies onderneem Inwoners om hulle ook daagliks met passie te ondersteun.

**Chris Shepherd, Karel Minnie, Charl Stander
en die ander Karnevalorganiseerders.**



BAIE DANKIE!

Die Karnevalgangers het die heerlike sonskyn Herfsdag uitermate baie geniet en het vir maande na die tyd nog opgewonde daaroor gesels. Hulle is dit eens dat die Organiseerders hulle baie goed van hulle taak gekwyt het. Groot dank aan al die Borge!

Sommige Inwoners het eers baie later na die Karnevalterrein toe gekom en, tot hulle spyt, verneem dat al die heerlike eetgoed uitverkoop is. Hulle is van plan om nooit weer hierdie fout te maak nie...



Bladsy geborg deur Liza Oosthuizen van die Snoepie/Kiosk. Baie dankie, Redaksie.



EMMANUEL SHUTTLE SERVICE

Drivers you can trust

Do you want to go to town?
Do you have an appointment?

But no transportation?
Call us to assist you!

Modimolle
Bela Bela
Pretoria
Airport



Call Amaro at 083 379 6961

emmanuelshuttleservice@gmail.com

BOSVELD GLASS

WINDSCREENS | AMBER
PACIFIC | CLEAR GLASS
& SHOWER DOORS

FREE QUOTATIONS IN
A RADIUS OF 20KM

WE WORK FAR AND WIDE
MOOKGOPHONG | VAALWATER
BELA-BELA | MODIMOLLE

Tel: 014 000 4568

Cell: 078 873 4914

bosveldglas9@gmail.com

105B Thabo Mbeki Str, Modimolle



Doves Begrafnisdienste is 'n gevestigde ondernemer en bestaan reeds meer as 100 jaar. Daarom kan ons met vrymoedigheid sê: "Ons ken die bedryf"

Doves bied 'n verskeidenheid van dienste:

- * Volledige Begrafnis
- * Volledige Verassing
- * Grafstene
- * Polisse

Begrafnisse of verassings sluit in:

- * Kis
- * Uitvoer van diens by kerk en graf
- * Reël van doodsertifikaat en registrasie by binnelandse sake
- * Reël van Begrafnisbriewe
- * Reël van Blomme
- * Skakel met Predikant of Pastoor

Eksel, Christo Stander is reeds 26 jaar in die bedryf en kan u behulpsaam wees met enige navrae. Vra gerus die vrae wat u al lankal kwel.

Seën vir u en u familie
Christo Stander
Bestuurder
Doves Modimolle en Bela Bela
072 280 4564



Hannelie de Beer Fisioterapie

(Praktyk nommer: 961906)

Nuwe Fisio in Nylstroom en Warmbad
Bekwame terapeut met oor 15 jaar
werksondervinding in Suid Afrika en Australië.

In Nylstroom reg oorkant rolbalbane
en in
Warmbad langs Natspat Swem
Akademie!

Kontak gerus **078 426 9685** vir enige
navrae.

hdebeerphysio@gmail.com

BAIE DANKIE VIR HULP MET "BEVALLING"

'n Paar maande gelede het hierdie pragtige en statige dame, **Isabel van Greunen**, 'n "mis-stap begaan" en net buitekant die eetsaal 'n "stukkies grond gekoop".

Sy was so verbysterd! Maar, die volgende oomblik het 'n baie vriendelike heer haar sakens opgehelp en na haar welstand verneem.

Isabel ken nie haar wel-doener se naam nie... Sy wil hiermee graag die galante man bedank vir sy outomatiese, pragtige gebaar.



Al wat Isabel ondervind het met die val, was gelukkig net 'n gekneusde ego...

VERVOER DORP EN STAD TOE...

Pretoria Kolonnade:

Elke 3e Woensdag van die maand om 07:00. (Bussie.) Vertrek terug om 15:00.

Modimolle Mall, soms na PicknPay (Motor).

Elke Donderdag om 09:00. Vertrek terug om 11:00.

Meer inligting op Taphuis-venster.
Bespreek en betaal by Susan Weber.



POPSPEEL IN DIE KE

Poplap woon nou in die KE...

Die Nylstroom VLU het vir maande lank saamgewerk aan die spesiale projek om vir Poplap die pragtigste kleertjies, kombersies en speelgoed te maak. Sy is amptelik geskenk/oorhandig (deur Joan Schoeman) aan Denise Prinsloo, die sameroepster van die Demensiestimuleringsgroep van Kokanje. (Foto hieronder.) By 'n spesiale byeenkoms in Kokanje is Poplap in Suster Patricia Snijders se sorg gelaat vir popspeelsessies in die Demensieafdeling. (Foto regs.)

Daar het ook 'n spesiale artikel in Die Poskoerant verskyn, wat die voordele van hierdie popspeelsessies verduidelik het.

Die VLU word weereens hartlik bedank!



ABBA-PRAATJIE OOR MEDISYNE

29/5/2023



In die breër konteks kan medisyne as die wetenskap van genesing gedefinieer word. In die algemene omgang dink die meeste mense aan die apteek, kliniek, hospitaal of dokter waar die produk wat as medisyne bekend staan, gekry word. Hierdie middel of middels word oor eeue van plante, minerale en dieremateriaal gemaak en vir genesing gebruik. Die Skepping het die mens derhalwe nog altyd voorsien van geneesmiddels, of van stowwe wat as geneesmiddels verwerk kon word.

Die moderne medisyne het ontstaan in die tyd van Hippocrates (460-370 v.C.), wat 'n multi-dissiplinêre benadering gevolg het. Die eerste gesintetiseerde aktiewe bestanddeel was Chloroform in 1869 ('n susmiddel) en die biotegnologiese navorsing en -ontwikkeling duur steeds voort. **Daar is verskillende tipes medisyne en word in Suid-Afrika soos volg verdeel:**

1. Allopatiese/Konvensionele/Westerse medisyne, en

2. Komplimentêre (Alternatiewe) medisyne wat ingedeel word volgens die 6 dissiplines of vakrigtings wat deur Die Raad vir Verwante Gesondheidsberoep van S.A. beheer word, nl.

Aromaterapie; Ayurvediese, Homeopatiese en Tradisionele Chinese medisyne; Unani Tibb en kombinasies.

Vandag word die meeste aktiewe bestanddele wat in Allopatiese medisyne gebruik word, gesintetiseer. Enige medisyne waarop genesingsaansprake gemaak word, moet volgens die Wet op Medisyne en Verwante Stowwe (Wet 101 van 1965) geregistreer word. Die registrasie vind plaas nadat die applikant 'n nuwe entiteit gevind of gesintetiseer en die nodige kliniese navorsing gedoen het. Hierdie proses kan 12 tot 15 jaar neem. Verskeie fases van navorsing vind plaas waartydens daar ondermeer gelet word op Veiligheid, Doeltreffendheid en Kliniese Voordeel. Die koste beloop enigiets tussen \$1biljoen en \$2,5biljoen (Amerikaanse data).

Die 3 hoofkriteria waaraan 'n medisyne moet voldoen alvorens dit geregistreer word, is Veiligheid, Doeltreffendheid en Gehalte. Monitoring van nuwe en nadelige effekte gaan deurlopend voort en onttrekking uit die mark kan ter eniger tyd plaasvind wanneer daar genoegsame negatiewe of nadelige effekte waargeneem word. Die patent word gewoonlik vir ± 20 jaar geregistreer, waarna generiese middels op die mark mag verskyn. Hierdie middels moet aan dieselfde standarde voldoen alvorens dit geregistreer word. Die vervaardiging van medisyne moet aan internasionale standarde, waarvan S.A. 'n onderskrywer is, voldoen.

Die S.A. Reguleringsowerheid vir Gesondheidsprodukte voer inspeksies volgens die PIC-riglyne (Pharmaceutical Inspection Convention) by vervaardigers uit. Daarbenewens word medisyne in Bylaes of Skedules (S) geklassifiseer volgens risiko en gewoontevorming vir die pasiënt.

Skedule 0(S0) is in die algemene handel beskikbaar (kan steeds skadelik wees indien verkeerd gebruik word), S1 en S2 sonder voorskrif by apteke en S3 tot S6 op voorskrif by apteke en ander gelisensieerde verskaffers. S7 en S8 is slegs d.m.v. 'n permit beskikbaar.

Moet nooit enige medisyne aan 'n vriend of familielid gee om te "probeer" nie, aangesien die persoon allergies daarvoor mag wees of ander ongewenste effekte mag voorkom.

Johann de Beer



ABBA – ARBEIDSTERAPIE

26/6/2023

**(Occupational Therapy:
It is the assessment and
treatment to develop,
recover or maintain daily
living skills and work skills
of people with a physical,
mental or cognitive
disorder.)**

Dit is die evaluering en behandeling van persone met fisiese, geestes- of verstandelike probleme d.m.v. daaglikse aktiwiteite en werksvaardighede. Arbeidsterapie (spesifiek vir ouer persone) behels voorkoming van fisiese probleme d.m.v. handhawing van spierkrag, omvang van beweging, korrekte loopgang en postuur, handfunksie, balans en koördinasie. Dit word gedoen d.m.v.

verskillende aktiwiteite. Dit werk ook vir voorkoming van verstandelike probleme d.m.v. aktiwiteite vir geheue, konsentrasie, uitvoering van opdragte, tegnologie, skryf, lees en leesgegrip.

Aktiwiteite van die daaglikse lewe soos aan- en uittrek, stort, hare was en versorg, maaltye voorberei, huishoudelike take, tuinmaak, ontspanning ens. word geëvalueer en beter metodes of aanpassings gemaak om funksies te behou. Rehabilitasie van persone met beroerte, beenbreuke, beseerings na 'n val, fisiese swaakteit en gebruik van hulpmiddels word ook gedoen.

Spesiale programme vir Alzheimer- en Demensieleiers word uitgevoer, asook ondersteuningsgroepe vir hul lewensmaats en kinders.

Arbeidsterapeute is ook betrokke by die evaluering van nuwe Inwoners se funksionele vermoëns, hulp aan huidige Inwoners en beplanning vir die toekoms.

**“Occupational Therapy:
If it matters to you,
it matters to me.”**

Elna Radford



Hans



Gert.

ABBA se Voorsitter, **Hans van der Merwe**, het onlangs uitgetree. Hy word hartlik bedank vir die meer as 20 jaar se leiding, harde werk en die menige interessante en leerse praatjies wat aangebied is. **Almal het daarby gebaat!**

Gert Kruger het by hom oorgeneem.

Die ABBA-Bestuur is baie dankbaar dat **Karen Pienaar (m.b.v. Kokanje-Blitznuus)** nou die Inwoners herinner aan die byeenkomste. **Andries Visagie** word ook bedank vir sy eenmalige maandelikse afkondiging in die eetzaal. As gevolg van bogemelde het die bywoningssyfers verdubbel. **Baie dankie!**



Gerrie Farrell (Klank-en-Beeld) word bedank vir die musiek en klankbeheer. **Ella Hattingh, Madelein Farrell, Hannie Harper, Alet Grobler en Rita Noeth** sorg vir die ander reëlins en skink middagtee/-koffie.

ABBA-byeenkomste is gewoonlik op die **laaste Maandag van elke maand** (behalwe Julie en Desember).

Ons drink tee/koffie vanaf 14:45 en die spreker is aan die woord om 15:00.

Sluit gerus by ons aan!

Bladsy geborg deur **Daan en Petro Grabe**. Baie dankie, Redaksie.




082 858 7748



Modimolle
12 Wolmarans str



Monday-Friday
7:30-17:00



NELDA
FASHIONWEAR



SEISOEN VAN MODIEUS WEES IN 2023

Nelda, van Fashionwear is nou daaglik in die ou
Kokanje-Poskantoor.

Daar is pragtige uitrustings vir elke
geleentheid.

Kom loer gerus in!

Maandag tot Vrydag

09:00 – 13:30.

Kaartfasiliteit beskikbaar.

Nelda: 062 865-1246.



Ek is 'n gekwalifiseerde Versorger wat in die
Waterbergarea woon en beskikbaar is om sorg aan
verswakte bejaardes, asook palliatiewe sorg, te
verleen. Ek kan ook by u inwoon. Verwysings op
aanvraag.

I am a qualified Caregiver in the Waterberg area and
supply frail care and palliative care services. If
preferred, I can stay with you. References available.

Carin Fourie: 079 840-1714.



**LIZA SE GERIEFLIKE
SNOEPIE / KIOSK**



060 995-8120

Maandag tot Vrydag (behalwe vakansiedae):
09:00 – 13:30.

Heerlike voorbereide etes vir saans of naweke.
Groot verskeidenheid gebak (bv. Koekies, beskuit en hoefies),
konfyte, lekkers en droë vrugte.
Lugtyd en data.
Hervul u waterbottels.
Beeld koerant daaglik en verskeidenheid tydskrifte
week/maandeliks.

Kruideniers aankoopdiens beskikbaar.
Skinkborde met soet- of southapies word spesiaal voorberei.
Kaartmasjien beskikbaar.

SIEN JOU GRAAG!

Verkope van 2de handse meubels of items



Het jy 2de handse meubels of items wat jy wil verkoop?

Jy is sentimenteel daaroor en wil graag met iemand deel wat verstaan

Kontak my gerus

Henriette 072 129 4884

FB Page: Oh Yes I want it ALL
www.oh-yes.co.za
info@oh-yes.co.za



TEL: (014) 717 5175
FAKS: (014) 717 5176
SEL: 082 320 8289
E-POS: m-a-c@mweb.co.za

Modimolle-Auto-Clinic
Rupertstraat 4



Vir gehaltesdiens en die beste pryse, kom besoek ons gerus.

Ons diens enige tipe voertuig. Opknapping van ratkaste, ewenaars, sowel as elektriese herstelwerk van aansittermotors, omsetters, lugversorgers en bedrading, asook voorbereiding vir padwaardigheidsstoetse. Ons verkoop batterye teen baie goeie pryse. Ons bied 10% afslag aan pensioenarisse en sal u motor gaan haal en aflewer teen geen ekstra koste nie. Ons was en stofsuig ook u motor. Baie dankie vir u ondersteuning.

Josef Botes

VERVOER



- KLIP
- VULSEL
- TUINGROND
- SAND & STENE

Oktaanstraat 703, Industriële gebied.
NYLSTROOM

☎ 066 078 4973 Ferdie 082 889 6548

☎ 014 717 3606

Verpleegstersdag en HIV awareness





HIV awareness









SATELLITE CONNECTION

Supply - Repair - Installation
All Audio | Video & DSTV Systems

www.satelliteconnection.co.za 014 717 1551 / 082 494 3132

AC Creations

Decorators, Curtain and Linen, Function Coordinators
and Furniture Suppliers

Alombekend vir:

BINNEHUISVERSIERING & DEKOR
GORDYNE & LINNE
TAFELDOEKE
STROOIKUSSINGS
LAMPSKERMS
PERSIESE MATTE
ANTIEKE MEUBELS & WARE
SILWER, KRISTAL EN PORSELEIN

ONS KOOP OOK VERSAMELSTUKKE AAN

CHRIS DYZEL

☎ 079 891 4309

✉ chris.dyzel70@gmail.com

JOHAN ESTERHUIZEN

☎ 081 554 6540

✉ johane1979@gmail.com

FIGHT CANCER



PIERRE  has a wide
ECOHEALTH range of products

and combo's
to help you
fight this battle.

"you never
know how
strong you are
until being
strong is the
only choice
you have"



Bets Botha-

Nylstroom, Naboom & Marblehall

072 605 5053



ONS ATLETE SE SEGETOG GAAN VOORT: MEESTERSATLETIEK 2023

Ons 4 Kokanje-damesatlete (**Babsie Grobler Crafford, Ria Ludick, Miggie van der Walt en Annette van Dyk**) het 'n uitstekende **Meestersatletiekseisoen van Maart tot Mei 2023** beleef! Hulle het in 5 byeenkomste 'n totaal van **56 medaljes** behaal.

4 Maart 2023 – die Sentraal Gauteng Kampioenskappe in Germiston. 1 goud, 4 silwer en 1 brons medalje is verwerf – **totaal 6**.

25 Maart 2023 – die Claude Stanley Grand Prix byeenkoms in Pretoria. 'n Vyfkamp worpe byeenkoms waar elke atleet slegs 3 gooie per item (5) kry. Vir elke item kry die atleet punte, wat saamgetel word. Al 4 atlete het deelgeneem en het 1 goud en 3 silwermedaljes verwerf – **totaal 4**.

15 April 2023 – die Vrystaat Byeenkoms op Sasolburg. 5 goue en 2 silwer medaljes is verwerf – **totaal 7**.

21 en 22 April 2023 – tweede grootste byeenkoms, die Gauteng Noord Kampioenskappe op Pilditch, Pretoria. Ons dames het aan 6 items elk deelgeneem. Hulle het 8 goud, 10 silwer en 7 bronsmedaljes huis toe gebring – **totaal 25**.

4 tot 6 Mei 2023 – die belangrikste byeenkoms, die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe in Kaapstad. 3 dames het aan 6 items deelgeneem en het 6 goud, 7 silwer en 1 brons verwerf – **totaal 14**.

Al 4 ons atlete het, tydens verskillende byeenkomste in verskeie items, vir die Afrika Kampioenskappe gekwalifiseer wat DV van 16 tot 18 November 2023 op Pilditch, Pretoria aangebied gaan word.

Baie geluk dames!

Ons hou verder duim vas vir julle vir die Afrika Kampioenskappe!



WIE WIL MET ONS SAAMWERK?

DIE **KOLLIG**-REDAKSIE


BENODIG DIE HULP VAN 'N PAAR INWONERS
MET **REKENAARVAARDIGHEID EN KREATIWITEIT**.

Ons sal u oplei om te help met bladuitleg,
foto-collages ontwerp, ens.

Ons hoor graag van u.

Skakel of WhatsApp my asseblief:

Rita Noeth
083 307-1446.



motors

AUTO SERVICE & REPAIRS

*Petrol & Diesel Vehicles and Trucks

*Engine Installations | Petrol & Diesel

*Vehicle Diagnostics

Fault Finding & Repair

Tel: 014 718 4004/3

Cell: 082 928 1088

Cell 2: 074 248 3601


Email: info@pjmotors.co.za

P.O Box 3525 | Lilian Ngoyi Str

Modimolle 0510

BEURTKRAGVRIENDE

'n Mens moet versigtig wees tydens beurtkrag-sessies – dit kan jou tot raserny dryf!



Ek het juis daarvoor gepraat met die mikrogolfoond en die broodrooster terwyl ons koffie gedrink het. Ons het saam-gestem dat dinge

nou te erg raak. Ek het niks daarvoor vir die wasmasjien gesê nie, want sy spin altyd haar eie storie. Ook nie vir die yskas nie, want hy is te koud en afsydig. Die eier-klitser maak almal sommer



deurmekaar en die lepel "stir" altyd... Die ketel is vol moed dat alles gaan regkom en toe gaan ons sommer weer volstoom voort!

Dis net die badkamerskaal wat volhou:

"Ek wil nie daarvoor praat nie – dis 'n baie gewigtige saak!"

Om die waarheid te sê, ek het nooit besef ek het sulke oulike vriende nie.

Ingestuur deur **Elsa du Plessis.**



OEFEN EN LEER 'N PAAR NUWE KORTPAADJIES!

1. Indien jy 'n selfoonboodskap begin tik het en daar is nog uitstaande inligting wat jy eers later kan byvoeg:

Hou op tik en verlaat die boodskap, sonder om dit te stuur. Verkry die inligting. Keer terug na die halfvoltooide boodskap. Voltooi dit en stuur dit na die betrokke persoon.

2. Indien daar 'n boodskap is met 'n foto daaraan vasgeheg:

As jy net op die boonste "forward arrow" druk en beide wil aanstuur, sal jy vind dat die bewoording nie daarmee saamgestuur word nie. Jy moet op die "forward arrow" reglangs die boodskap/foto druk en dan ook op die boonste "forward arrow" om suksesvol te wees.

3. Soek spesifieke items in byvoorbeeld die Blitznuus-of Koop-en-Verkoop-Groep se ellelange lysie met inligting:

Druk die 3 kolletjies aan die regterkant bo: Druk "Search", tik die persoon se naam, of die geldbedrag betrokke of die item se beskrywingsnaam in

die ruimte daarvoor voorsien. Druk ^ of v om boontoe of ondertoe te soek, totdat jy dit vind.

4. Soek foto van spesifieke item: Druk: "Group Info". Kyk op die ry foto's onderlangs. Druk > om al die foto's te besigtig. Indien jy meer inligting aangaande een spesifieke foto (item) wil besigtig, druk daarop en druk "show in chat" om oorspronklike advertensie te vind.

5. "Copy, cut and paste":
(a) Terwyl jy 'n boodskap tik, druk hard op 'n sekere woord (dit word groen en boodskap verskyn – "translate, cut or copy") – jy kan die woord/e nou op 'n ander plek "paste" deur op die nuwe plek hard te druk, die woord heeltemal uit te sny of die vertaling op te lees.
(b) 'n Reedsgestuurde of ontvangde boodskap kan ook herbewerk word in 'n nuwe boodskap. Druk daarop, dit word heeltemal groen. Druk en "Copy". Gaan in 'n nuwe boodskap in en druk hard.

"Paste" en bewerk die inhoud van die boodskap nou soos verlang.

6. "Clear chat": Verwyder al die boodskappe/foto's en versies ontvang of gestuur (met een slag) – Druk: "More" en "Clear Chat".

7. Die gedurige "ping" van nuwe boodskappe wat by Groepies inkom, kan baie steurend wees: Gaan in elke Groepie in, druk: en "Mute Notifications".

8. Vergrootglas: Oral waar dit op jou selfoon voorkom, kan jy daarop druk en name en/of inligting tik om dit blitssnel en outomaties te gaan soek.

9. Soms wanneer jy 'n ongewensde boodskap uitvee, kom daar 'n vraelys te voorskyn wat jou vra "waarom dit" of "waarom dat". Dit mag dalk 'n uitvisveldtog wees wat jou probleme kan besorg. Jy kan dit sommer dadelik uitvee. Jy is niemand enige rede verskuldig nie...

NUWE INTREKKERS

PHIL AND SUE WRIGHT (née Fraser) House 56E. (1.)

Phil (from a Law enforcement background) and Sue (from an administration U.C.T. background) lived at Boschhoek (Loubad area). Friends in Kokanje: Helen West and Theo Schmidt.

They got to know Kokanje through Dr Breedt.

They are still new and busy unpacking. Their hobbies: Picture framing, trees, hiking, birds, drawing maps (historical).

JOHAN EN SUSAN CONRADIE (née Van Coller) Huis 64F. (2.)

Hulle het eers in Randburg en Witbank gebly voordat hulle skoonsuster, Magriet van Zyl,

hulle vertel het van Kokanje, die Versorgingseenheid en ons sekuriteit.

Johan was projekbestuurder en Susan was in die bankwese (30 jaar) en was 15 jaar as stoffeerder werksaam.

Hulle belangstellings: Bingo. Alles en nog 'n bietjie!

COEN EN CHANTAL HOMAN (née POEL) Huis 96B. (3.)

Hulle verhuis van Ellisras na Kokanje want die KE en ambulansdiens is vir hulle baie belangrik en omdat Pretoria nader is.

Coen en Chantal is al besig om vriende in Kokanje te maak en het reeds by die Rolbalklub ingeskakel.


Hulle lees graag, kyk voëls, kampeer en stap. Fotografie is ook een van hulle stokperdjies.

Hulle agtergrond: Klerklik en bankwese.

WIM EN ANNA-MARIÉ MEYER (née BARNARD) Huis 52A. (4.)

Voorheen van Kerkstraat 126. Tinka van Dyk (moeder) en Annette van Dyk (skoonsuster) het hulle vertel dat Kokanje-aftreeoord se veiligheid en gemoedsrus, versorging en natuur nie maklik oortref sou kon word nie.

Aangesien hierdie boer en onderwyseres lief is vir lees, gaan hulle by die Biblioteek inskakel. Hulle stap ook baie graag.



(1.) Phil en Sue

(2.) Johan en Susan

(3.) Coen en Chantal

(4.) Wim en Anna-Marié.



**B
A
I
E

W
E
L
K
O
M
!**

MANZI™

WATER GIVING LIFE

The Water REFILL PROCESS



Refill at R1.60



- SAND FILTRATION
- ELEMENT FILTRATION
- REVERSE OSMOSIS
- CARBON FILTRATION
- UV PROTECTION
- OZONE TREATMENT



Hervul van Waterbottels
PENSIONARISSE
SLEGS R1-00 PER LITER

Terms & Voorwaardes geld



079 743 5023

H/v Thabo Mbeki & Nelson Mandela
Shop 5, Esther Gebou

PROFESSIONELE WAARDASIES DU PREEZ NEL

**WAARDEERDERS • TAKSATEURS
VALUERS • APPRAISERS**

POSBUS 1182, KOKANJE, 0515

TEL: (014) 715 2338

SEL: 083 268 3711

dupreezn@telkomsa.net

Kokanje Skoonheidsalon
Kom bedef jouself

Foot & Body
Worx

Dienste:

- Tint
- Waksbehandeling
- Voetbehandeling
- Masseerings
- Naelbehandeling
- Wenkbroue
- Wimpers
- Facials



Mari Mare:
082 874 9249

Pikkie Meubelvervoer

Sedert 1975. LANDSWYD




Bestuur self en toesig vir u gemoedsrus

**Geregistreeerde vervoer
met TOE meubelwa**

Opberging en versekering

Tel: 014 717 3101 of 082 557 0511
Strydomstr. 4, Modimolle (Nylstroom)



Naaimasjien en omkapmasjien Hersteldiens

**Diens en Herstel van alle fabrikate
teen die beste pryse**

ONS DIENS:

- Kokanje
- Koro Creek
- Bosveldsig

Chris De Wet & Seuns

Dalene: 082 213 5111

NUWE INTREKKERS (vervolg)

FRANS JACOB EN ANNE-MARIE LABUSCHAGNE (née Jansen van Rensburg) Huis 80D. (5.)

Hulle kom van die Gholf-Landgoed, Parys, en het al begin om vriende te maak in Kokanje. Die voordele van die KE het hulle laat besluit om hier te kom aftree.

Frans, voorheen 'n programmeerder, is reeds lid van Koro Creek-Gholfklub en speel Dinsdae gholf.

Annemarie was 'n verkoops-konsultant en maak nou graag tuin. Saam geniet hulle dit om voëls te kyk.

BILL JONES EN HETTIE VAN DER SCHYFF (née Venter) Huis 76F. (6.)

Bill en Hettie het voorheen in Irene gewoon. Hulle skoon-

suster, Christie de Jager, het hulle aan Kokanje voorgestel en die Bosveld, natuur en samehorigheid van die mense, was hulle hoofredes om in Kokanje te kom woon.

Hettie doen al fluks Lyndans. Sy hou ook van naaldwerk, pottebakkerie en kuns. Bill maak gin, bewerk vleis en hulle ry graag fiets.

Bill was voorheen in die mynbedryf (skiet en boor) en Hettie was 'n Alternatiewe Gesondheidspraktisyn.

MARIUS EN ETNA HATTINGH (née Boshoff) Huis 79B. (7.)

Etna se suster, Wilna Uys, het hulle oorreed om vanaf Kempton Park na Kokanje te verhuis. Die KE se Versorgingsdiens, wat eendag wanneer hulle ver-

swak is, beskikbaar gaan wees, het hulle oorreed om hierheen te kom.

Hulle is lid van die Koinonia-gemeente in die dorp, is lief vir fotografie en kamp graag. Etna doen naaldwerk.

JANNIE EN HELOISE VAN DER HOVEN (née Le Roux) Huis 100F. (8.)

Die tweetjies het voorheen in Pretoria gewoon. Hulle vriende (Deon en Mimi de Villiers) het hulle van Kokanje vertel. Die Bosveld-omgewing, bekostigbare versorging en sekuriteit het die finale deurslag gegee.

Die predikant en die sekretaresse het reeds ingeskakel by kuns en krabbel in Kokanje. Ander belangstellings: Jag, skyfskiet en tafeltennis.

BAIE WELKOM IN KOKANJE!

Voorspoed met julle
nuwe "loopbane" in ons Oord.

(5.) Frans en
Annemarie

(6.) Bill en
Hettie.



Onthou:

Gebruik julle eie inisiatief en kreatiwiteit
om in te skakel.

En, doen dinge op julle eie.
As jy vir ander mense wag,
kan unieke kanse
dalk by jou verbyglip!

(7.) Marius en Etna.

(8.) Jannie en Heloise.



2023 KARNAVAL BONANZA – ST. MICHAEL'S UNITED CHURCH

It was so exciting to be part and parcel of Kokanje's Kar-naval again!

It has been some years since our last participation and, sadly, many of the eager beaver stalwarts have passed on, or are now physically not able to serve. BUT, thanks to the initiative of ever busy Claudette Collet, who spoke to Chris Shepherd, we were generously and graciously allocated a space to display some White

Elephant wares and to serve Potato Twirls and Corn Dogs.
YAH! WE WERE THERE!

What a happy and successful morning we enjoyed, as did so many others, relishing their Potato Twirls. Yum Yum! And searching for just the right gift!

A massively BIG thank you to Chris and the Organising Committee for their cheerful assistance on the Friday afternoon and early Saturday morning.

They were all so VERY helpful and tremendous!

In my humble estimation the KARNAVAL WAS AN A1 SUCCESS!

WELL DONE KOKANJE!

Thank you from St Michael's United!

**Denise
Gryffenberg**



ATHOL JENNINGS' OUTSTANDING AWARD

In conversation one day last month, whilst allocating pastoral visits with our Deacon, Athol Jennings' name was mentioned. Our Deacon Nonhlanhla Kunene-Nxumalo was delighted as her father, also a Methodist Minister, had been associated with Athol for many years and she and her family had known Athol well.

It also so happened that at the Methodist Conference in 2022, the Church had recognised Rev. Athol Jennings' 60 years of ordained ministry. A Certificate and a Plaque had been prepared for him, which just happened to be in the care of our Deacon.

It was then arranged that on a special day, Deacon Nonhlanhla would visit and present him with the Certificate and Plaque (in the Kokanje KE). Athol was not aware of this, so there was great excitement at this happy reunion when it was presented to him.

Coincidentally, Athol's daughter, was visiting from Cape Town and so she was able to celebrate this special occasion with him.

We were so blessed to have someone with the wisdom and knowledge of Rev. Athol Jennings living here at Kokanje. **We celebrate this remarkable achievement with him.**

From St.
Michael's
United
Church.

**Denise
Gryffenberg**



I truly appreciate kindness. I appreciate people checking up on me. I appreciate a quick message. I appreciate those who ask if I'm okay. I appreciate every single person in my life who has tried to brighten my days. It's the little things that matter the most.

Sent in by
**Annette
van Dyk.**

CareBox



*Sometimes all we want to do is send someone a hug
and let them know we're thinking about them..*

*Carebox is a small heartfelt gifting business with a
personal touch*

Please visit our website: <https://carebox.co.za/> or send
an email to hello@carebox.co.za



PENSIONARIS AANBOD
GELDIG TOT EINDE AUGUSTUS

BERGKONINKRYK GASTEPLAAS

DAGBESOEKERS

- Kom maak gerus gratis gebruik van ons geriewe van maandae tot donderdae. Reel net asseblief vooraf met ons

OORNAG FASILITEITE

- Midweek spesiale tarief vir pensionarisse. Betaal slegs R200 per persoon. Maandae tot Donderdae

NAWEEK TARRIEF

- Naweek tarief is R300 per persoon per nag
- Kinders onder 12 is R200
- kinders onder 2 gratis



Kontak besonderhede

Sulita.dekock@gmail.com
0713540110



ORANGE TREE

CARWASH & VALET

Woensdae & Donderdae
PENSIOENARIS DAG
10% AFSLAG

Koffie of Tee met ietsie
Soet of Sout
vir slegs R30-00
@ MODI MALL

Wednesdays & Thursdays
PENSIONERS DAY
10% DISCOUNT

Coffee or Tea with something
Sweet or Savoury
for only R30-00
@ MODI MALL

Estelle - 072 613 4515



STUDIO H

THE ART OF HAIR DESIGN
UNISEX SALON

Herman Niewenhuis

Kerkstraat 105, Modimolle

Sel: 061 354-0459

FROM THE LIBRARY – BOOK REVIEWS

1. THE THURSDAY MURDER CLUB

by Richard Osman.

In a peaceful Retirement Village, 4 unlikely friends meet up once a week to investigate unsolved murders.

Joyce, Ibrahim, Ron and Elizabeth will keep you enthralled as the bodies pile up and you can't help cheering them on.

2. DESERT STAR by Michael Connelly.

Some crimes you can't forget – others you can't forgive.

Harry Bosch is the top investigator, detective Reneé Ballard wants to recruit.

The former homicide detective is a living legend – but for how long? Bosch has his own agenda: A crime that has haunted him for years – the murder of a whole family buried out in the desert...

3. THIS PLACE OF WONDER

by Barbara O'Neal.

Love is complicated. Loss is devastating. For the 4 women: Meadow (the ex-wife), Maya (the daughter), Norah (the latest girlfriend) and Rory (Meadow's daughter), no 2 things are truer. Read on...

Dinie Botha



ABBA – 24 April WIETS BOTES PRAAT OOR DIE LANKVERWAGTE HOSPITAAL EN ANDER ONTWIKKELINGE IN MODIMOLLE

Wiets het 'n stampvol saal toegesprek en ingelig aangaande die Hospitaal wat beoog word en die jarelange beplanning wat nou stadig maar seker einde se kant toe staan.

Hy het ook vertel hoe die Sakekamer en Besig-hede in die dorp saamstaan om verwaarloos van paaie en parke te bekamp. Dis 'n baie stadige en duur proses, maar sal definitief die moeite werd wees vir ons omgewing.

Indien u 'n bydrae wil maak:

Aksie Opknap
First National Bank
Acc No: 62892553580
Branch Code: 260247
Ref: Naam & Van



**Dis met groot hartseer
en leedwese wat ons die
afsterwe van Marlene
van Staden bekend maak**

8 Junie 2023



Ons, as familie, wil net baie dankie sê aan elke persoon se gebede en ondersteuning deur die moeilike tyd



Kokanje se Inwoners dink met liefde en medelye aan die gesin en familie van wyle Marlene van Staden, die dinamiese, briljante en energieke Burge-meester van Modimolle, Naboom en Vaalwater wat onlangs oorlede is. Sy het die Oord by verskeie geleenthede besoek om ons op hoogte te hou van verwickelinge in die area, asook om klein geskenkies uit te deel met Kersfees ('n paar jaar gelede). ❤️

GESKIEDENIS VAN DIE KOKANJE-ROLBALKLUB

(Baie sleutelfigure is reeds oorlede.)

Die ontwikkelaars van Kokanje was die Vereniging van Staatsamptenare (VSA). Inwoners het dadelik die behoefte vir 'n rolbalbaan aangespreek. Die grond tussen die Lapa en wonings 73D tot 73F was te klein en na onderhandelinge met die VSA is die huidige standplaas vir die rolbalbaan toegestaan. Spelers was self verantwoordelik vir die ontwikkeling en befondsing daarvan. In Desember 1997 het die VSA goedgunstiglik 'n stootskrapeer verskaf om die bos te verwyder en ander terreinwerk te doen. Op 11 Maart 1998 was die ingenieursbeplande werk afgehandel.

Op 27 Maart is begin met die aanplant van skaapplaasgras (deur Potgietersrus Rolbalklub geskenk). Peet Botha, Frans Coetzer, Hennie de Jager en Lettie van Vuuren ry met hulle bakkies dié grasplantjies aan en dit word grassie-vir-grassie in ry-tjie-vir-rytjie deur die voornemende rolbalspelers geplant. Op 9 April word 'n deeltidse arbeider aangestel om die perk nat te lei (aanvanklik met 'n 'skilpad-sproeier' uit 'n kraan). Later sny hy ook die gras onder toesig van Jakkie van Dyk, die eerste perkmeester. 'n Staandergemonteerde sproeier word later vir die natmakery gebruik – uit die nabygeleë boorgat en opgaardam.

'n Tweedehandse grasmaasjien word aangekoop vir die rowwe werk en snywerk op die walle. Die VSA bewillig later fondse vir die aankoop van 'n nuwe, spesiale grasmaasjien vir die perk.

Toerusting moet heen en weer na die Werkswinkel gekarwei word met Frans Coetzer se bakkie. Om dié probleem op te los, skenk Danie Steyn 'n sinkstoor.

Piet Becker prakseer 'n 'gelykskraper' om die eerste baanbollaag in Januarie 1999 gelyk te maak. Op 26 Januarie word baan-

nommers (ook deur Potgietersrus geskenk) aangebring en op dié dag rol Maryna Becker en Jenny van Dyk die eerste balle op die Kokanje Rolbalbaan. Op 27 April 1999 word die eerste amptelike spel in Kokanje gespeel.

Toiletgeriewe vir dames word in die sinkstoorkamer ingerig. Die Oord rig later net suid van en langs die perk 2 beton 'buite-toilette' op, gekoppel aan die rioolstelsel.

'n Afdak/skuiplek teen die weer word gedurende 2000 ontwerp deur Peet Botha. Abraham Saayman prakseer kombuiskeuse en opwasplek vir breekgoed. Ted Thoms beplan warmwater vir laasgenoemde, met 'n opgerolde swart PVC pyp op die dak, wat heel gaaf werk.

Gedurende 2003 kry ons splinternuwe ablusiegeriewe met 'n stoorkamer, gedeel met die Juk-skeiklub.

Tydens die amptelike kaas-en-wyn Inwydingsseremonie in Oktober 2003 skenk ABSA, een van ons borge, tellingborde en matte. Piet Becker vervaardig en skenk 'n waentjie om dié en ander toerusting te vervoer – genoem die Becker-Trekker. 'n Jaar of wat later borg Sharemax 'n bedrag vir die oprig van die braaiarea.

Lede is gelukkig en tevrede en getalle groei mooi aan. Borge word geredelik bekom en maandelikse 'Borgdae' vind plaas, wat sorg vir ekstra inkomste. As reën tydens 'n middag se spel lol, bak ons pannekoek by Joey en Frans Coetzer se huis.

Baanonderhoud, arbeid, gifstowwe en kunsmis sluk klubfondse in en die jaarlikse Karnaval gedurende September verkry die gereelde Warmbad P'n'P-borgskap van sowat R1 000 se kruideniersware. Die klub se dames is in

staat om die poedingtafels behoorlik te laat kreun. Om van die pannekoek by ander geleenthede nie eers te praat nie... Almal doen hulle deel en die klubfondse word pragtig aangevul!

Soos die jare vorder, kan 'n spoggerige klubhuis gebou word – deur samewerking, harde werk en groot bydraes deur klublede en veral spesiale bydraes deur ons gereelde borge, Charl Swartzel, en sy pa. Die BK het ook hand bygesit met 'n 2-jaar lening wat in 1 jaar vereffen is. Die saal is groot genoeg vir 50 mense, daar is kuierplek vir talle meer op die ruim stoep en 'n goedtoegeruste kombuis en kroeg vorm deel daarvan. Dié fasiliteit word uitverhuur aan ander klubs en privaat persone.

Nuutste uitbreidings: Die ge-elektrifiseerde omheining (om die tonnelende, gebande muishondjies uit te hou), asook spreiligte en 'n nuwe stoor/werkskamer.

Personalia: Van die oorspronklike 100 stigterslede lewe nog net enkeles nl. Susan Saayman, Jakkie en Jenny van Dyk, Jantjie Verster, Lazya Arendt, Judith Kuger en Johan en Elise Giezing. Laasgenoemde 2 speel nog aktief rolbal.

Die klublede bedank voorsitter Jean du Plessis en perkmeester Peet Saayman hartlik. Hulle het die klub vir baie jare op geoliede wiele laat loop. Beide is kinders van oorspronklike klublede.



Elise Giezing



VERSKILLENDE PERSOONLIKHEDE, VOLGENS BELIA LOURENS

Belia het oor hierdie pragtige blomme gesing.
Kies die blom/me waarvan jy hou en vind uit wie jy is!



Dahlia: Gereserveerde persoon met hoë morele waardes.



Gesiggies: Entrepreneur met deurdagte en reflekterende persoonlikheid.



Sonneblom: Gesellige persoon wat lief is vir optrede in die kollig.



Lobelia: Stil persoon.



"Skeleton flower": Innoverende persoon.



Spekboom blomme: Beskermende persoonlikheid.



Kosmos: Natuurlike gewer/verskaffer.



Morning glory: Persoon met charismatiese persoonlikheid.



Roos: Altruistiese persoon wat berading kan verskaf.

EGO – EK WIL!

Ingestuur deur **Jenny van der Merwe**.

"Baie probleme kom omdat ons ons sin wil hê; ander kom omdat ons toegelaat word om ons sin te kry."

DAMESKLUB

Belia Lourens



NAALDWERKKLUB



Musse

en

Mark.

Jenny van der Merwe

Die flukse Naaldwerkkklubdames het nie net talle veelkleurige musse vir liefdadigheid gebrei nie, maar ook die pragtigste items vervaardig om tydens die Wintermark te verkoop.

Almal wat van ons produkte gekoop het, word hiermee hartlik bedank!

Die Klublede het nie in Julie byeengekom nie, maar het tuis verder gebrei, gehekel, naaldwerk gedoen en gebak en gebrou – soos besige bytjies maar altyd doen!



TUINBOU – SIERGRASSE

'n Baie gesellige Tuinbouklubfunksie is op 16 Mei in die Kokanje-saal gehou. 'n Video is vertoon oor die suksesvolle gebruik van Siergrasse. Daarna het Ryder, van Geluksfontein Inheemse Kwekery, meer interessante inligting met lede gedeel.

Daar was heelwat plante te koop en Tuinbouklublede is hartlik bedank vir hulle teenwoordigheid.



Magriet van Zyl



ALLERLEI

Figure this out:

When I was 8, my sister was twice my age.

Now I am 40. How old is my sister?

(No, she is not 80! She is 48.)

Results of Dolly Parton's diet:

"It makes Jo-lene, Jo-lene, Jo-lene."

Nataniël se Wyse Woorde

ingestuur deur
Ina Lessing:



"Wees altyd dankbaar vir alles wat jy het en lewe eenvoudig. Hoe minder goeters jy het, hoe minder 'wharries' het jy... en hoe lekkerder slaap jy!"

"Wees onvoorwaardelik lief vir jou gesin en familie en aanvaar elkeen presies net soos hy/sy is... Vriende kan jy kies, familie nie!"

"Hardloop jou lewens-'spiedometer' in die rooi... Help waar jy kan en lewe voluit terwyl jy nog lewe in jou het..."

'Use it – or lose it!'

Gerda J.v. Rensburg sê:

"Jy is gebore om 'n doel te dien op aarde. Wees soos 'n boom..."

"A TREE IS A SEED THAT TOOK A STAND."



**STOP BY STOPSTRATE EN
VERTOON DUIDELIKE
HANDSEINE WANNEER JY
IN DIE OORD RONDY MET
JOU GOLFKARRETJIE OF
FIETS...**



VIRTUELE WINKEL IN KOKANJE – KOOP-EN-VERKOOP

As gevolg van die Koop-en-Verkoop-Groep is daar nou 'n yslike "Winkel" in ons Oord met potensieel miljoene items in die 593 huise wat aangekoop of verkoop kan word. Daar is 295 lede en reeds items ter waarde van meer as R600 000 onderling van die hand gesit. Persone wat ongebruikte artikels besit, wat net in hulle pad is, sit dit om in harde kontant...

Die gratis diens is gestig om Inwoners, hulle familie en vriende te betrek en met mekaar kennis te maak en te kommunikeer.

Kinders/kleinkinders wat huise van afgestorwe familieledes moet ontruim, maak ook gereeld van hierdie diens gebruik. Hulle skenk dus heelwat waardevolle items, klere

ens. aan die Hoekwinkeltjie, die Biblioteek en verskillende Klubs. **Ons bedank hulle hartlik hiervoor!**

Indien u ook graag wil aansluit, stuur u naam en selnummer na

Ritanic – 078 549-1843.

Om steurings te voorkom wanneer die items geadverteer word, verander die verstelling van die Groep van u kant af as "Mute Notifications" en dan kan u op u tyd na alles kyk wat (soms heelwat op een slag) geadverteer word. Wanneer winskopies verskyn, moet u baie gou spring en die eienaar van die item/s dadelik skakel en onderhandel, om teleurstelling te voorkom.

Rita Noeth en Ricky Durand.

GARDEN CLUB – HADECO TALK

On Tuesday, 18 July at 14:00 Elana van Rooy of Hadeco addressed the Garden Club members. After the very interesting talk on spring/summer bulbs, coffee/tea and scrumptious snacks were served by the waiters of Belle Vie Café/Coffee Shop opposite Toyota, where the meeting was held.

Lucky members won a bottle of "Buck Off" and a few other useful items.

Watch the Kokanje BlitzNuus for our next meeting.

Magriet van Zyl



STILTE IN DIE HOF!

Jare gelede het die Departement van Justisie dit goed gedink om 'n erge skeel landdros op Bitterfontein aan te stel. Hy was so skeel dat hy spreekwoordelik met sy linkeroog in sy regterbroeksak kon kyk, en andersom.



Op 'n oggend verskyn daar 3 manne uit die plaaslike gemeenskap voor hom wat van huisbraak en diefstal aangekla word. Nadat die aanklaer die aanklag aan die beskuldiges gestel het, verloop die verdere verrigtinge toe soos volg:

Landdros (aan Beskuldigde 1): "Wat pleit u?"

Beskuldigde 2: "Onskuldig, U Edele."

Landdros: "Ek het nie met jou gepraat nie."

Beskuldigde 3: "Maar my Agbare, ek het nog heeltemal niks gepraat nie, Agbare!"

Consultus

OEFENING om te vermy:

"Jumping to conclusions."



TONG IN DIE KIES...

Wat is 'n "predikantjie"?

'n Ander naam vir 'n krammasjientjie of krambinder ("stapler") wat iets stewig saamvoeg.

Wat is 'n "prokureurtjie"?

'n Ander naam vir 'n kramverwyderaar/-ontbinder ("stapler remover") – wat iets wat saamgevoeg was, weer skei.

Die lewe kan net agteruit
verstaan word.

Ongelukkig moet ons
dit vooruit lewe.

As jy ontevrede is
met wat jy

in die lewe ontvang het,
help iemand
wat minder het as jy.

Ingestuur deur **Miemie Maartens**.

REGTE KANALE OM TE GEBRUIK...

Gewone/daaglikse Herstelwerk word normaalweg aangevra deur 'n **Versoek vir Instandhoudingswerkvormpie** in te vul wat op die toonbank in die Voorportaal te vinde is.

Vul 'n **Aanmelding van Afwesigheidsvormpie** in wanneer u vir langer as 24 uur weg is van Kokanje. Voedseldiens weet om nie vir u voedsel voor te berei nie en Huisskoonmakers maak net u stoep skoon. (Op die toonbank in die Voorportaal te vinde.)

Daar is 'n **Komplimente en Klagte-boek** by Karen Pienaar. (**Tuin- en Huisskoonmaakdienste, Sekuriteit en Algemene aangeleenthede**.)

Gebruik gerus die **Komplimente-en-Klagtekissie, vir Voedseldienssaangeleenthede** (voor Susan Weber se Ontvangskantoor).

Lees- en luisterwerk gedurende jou vrye tyd:

1. Leon de Jager beveel die volgende aan:
feedback@growingbolder.
2. Jan Delport
SAVA Nuusbrief – SA Vereniging vir Afgetredenes.
3. Video – Poetry that inspires: Aging gracefully. "I still matter" Patricia A. Fleming, read by Simerjeet Singh. It includes a quote by Sofia Loren.

CLEARWATER

PURIFIED DRINKING WATER

RO² WATER RO² ICE



RO² ICE

2,2kg R15,00

3,3kg R20,00



R1

per refill



Total Hardness = 0.00



CLEARWATER
Branded
BOTTLES

072 409 4533

TRADING HOURS:

MON TO FRI

08:00 - 17:30

SAT

08:00 - 13:00

PUBLIC HOLIDAYS

08:00 - 13:00

SUN

CLOSED

Refill of all clean water containers and camping trailers

36 Friedberg Street Modimolle

TDS
15

TESTAMENTE EN BOEDELS

Ek is versoek om iets te skryf oor dié onderwerp wat vir baie van ons Inwoners nie onbekend is nie, maar wat tog in 'n mate vreemd is, veral wat die wetlike sy daarvan betref en ook die noodsaaklikheid van 'n geldige, implementeerbare Testament. Ongelukkig is dit so dat ons almal een of ander tyd met dié werklikheid gekonfronteer sal word, en nog meer so in die omgewing waar ons almal ouer word en die einde van ons lewenspad soms onverwags en skielik kom.

'n Paar opmerkings oor Testamente:

Ten einde gemoedsrus te verkry oor ons aardse besittings na ons heengaan, is 'n geldige Testament van kardinale belang. 'n Testament moet op skrif wees en verkieslik opgestel word deur iemand met die nodige kennis. 'n Persoon kan self 'n Testament opstel, so lank dit aan die wetlike vereistes voldoen, maar wat nie altyd aan Jan Alleman bekend is nie. Om dit self te probeer doen, is amper soos om jou eie mangels uit te haal; dit werk nie altyd nie.

Daar is 'n paar belangrike vereistes om oor te besin:

1. Raadpleeg iemand met die nodige kundigheid.

2. Besin oor wie die begunstigdes moet wees. Getroude pare stel meesal die langsliewende eggenoot aan as erfgenaam, maar daar is ook kinders wat bevoordeel kan word of liefdadigheidsorganisasies. 'n Behoorlike konsultasie met 'n Konsultant is belangrik om bystand te verleen met die sg. Boedelbeplanning, waaruit dan die opstel van die Testament vloei.

3. 'n Eksekuteur moet aangewys word om die beredderingsproses te hanteer. Sommige Testateurs verkies om die langsliewende te benoem of een van die kinders, meer om welwillendheidsredes – en mense voel gelei om so benoem te word. Sonder die nodige kennis, moet hulle in elk geval iemand by wyse van 'n Volmag aanstel om die taak te verrig. Dit is die persoon se keuse, solank hy of sy die nodige gemoedsrus het dat sy of haar wense uitgevoer sal word. My ervaring oor baie jare is dat die proses wat self aangepak word, tog by 'n Prokureur beland om dan alles van vooraf te moet doen. Baie tyd gaan so verlore.

4. 'n Testament behoort ook gereeld hersien te word ten einde te verseker dat omstandighede nie verander het nie, wat dan 'n wysiging van die Testament noodsaak. Begunstigdes mag dalk oorlede wees of nuwe kleinkinders mag bygekom het. Sulke veranderings en omstandighede word oor die hoof gesien indien die Testament nie hersien word nie.

5. Die vraag word dikwels gevra wat die koste van die opstel van 'n Testament beloop. Uiteraard sal daar koste aan verbonde wees as 'n professionele persoon betrokke is, maar dit is normaalweg nie buitensporig nie en dit is 'n goeie beginsel om vooraf vas te stel wat die "skade" sal beloop. Dit is egter die koste werd as 'n mens die gemoedsrus verkry dat jou wense na afsterwe uitgevoer sal word.

6. Mense redeneer dikwels dat hulle tog nie baie bates het nie en daarom dit nie nodig ag om 'n Testament op te stel nie. Indien daar nie 'n Testament

bestaan of gevind kan word nie, word die boedel kragtens die Wet op Intestate Erfreg afgehandel, welke proses 'n bepaalde aantal nadele het:

6.1 Die Wet bepaal wie jou bates erf en dit kan net die agtergeblewe gade en bloedfamilie wees. Dit kan dus gebeur dat jy jouself die voorreg ontnem om self te bepaal wie jou bates moet erf. In sommige gevalle verg dit 'n diepgaande studie om alle moontlike familieleden wat begunstigdes kan wees, op te spoor. Die proses word meer ingewikkeld indien van die intestate erfgename ook oorlede is. Jy ontnem jouself ook die reg om 'n Eksekuteur te benoem in wie jy vertrou het.

6.2 Moet dit nie aan jou naasbestaandes doen om sonder 'n Testament te sterwe te kom nie.

Die Beredderingsproses:

Dit is die proses wat volg na afsterwe en wanneer daar uitvoering aan die bepalings van die Testament gegee moet word. 'n Boedel word afgehandel onder toesig van die Meester van die Hoë Hof, 'n Afdeling van die Staatsadministrasie waarvan daar kantore in elke Provinsie is. 'n Boedel moet aangemeld word in die Provinsie waar die oorledene woonagtig is.

Die Beredderingsproses neem 'n aanvang wanneer die aangewese Eksekuteur die Boedel by die Meesterskantoor aanmeld deur die indiening van bepaalde dokumente wat in samewerking met die naasbestaandes voltooi word.



TESTAMENTE EN BOEDELS (vervolg)

Sodra die Eksekuteursbrief aan die benoemde Eksekuteur uitgereik is, kan hy met die werk begin.

1. Slegs die Eksekuteur en/of sy gevolmagtigde kan inligting in verband met bates en laste van die oorledene inwin, wat uiteindelik daartoe lei dat 'n Likwidasië-en-Distribusierekening (L&D) opgestel kan word. Daarin word al die bates en laste verantwoord en word die bedrag wat beskikbaar is vir verdeling, aan die erfgename toegeken. Dit is egter nie 'n eenvoudige proses nie en kan soms lank duur.

2. Die L&D moet deur die Meesterskantoor goedgekeur word en daarna kan die Eksekuteur sake finaliseer, eiendomme oordra, erfgelede oorbetal, ens.

3. Al die bates en laste wat in die L&D verantwoord word, word aangetoon soos in die sertifikate per datum van dood wat deur die Eksekuteur aan-

gevra word. Eiendom en roerende bates word gewaardeer en teen daardie waarde aangetoon. Enige laste en erflatings word uit boedelfondse vereffen en kwitansies moet aan die Meesterskantoor voorsien word.

4. Benewens die laste is daar ook administratiewe uitgawes wat ter sprake is, bv. die Advertensiekoste vir Kennisgewings aan Krediteure en wanneer die L&D ter insae lê by die Meesterskantoor en die Landdroskantoor. Die Advertensies word in die Staatskoerant en in 'n plaaslike koerant geplaas. Daar word ook Meestersgelede op 'n glyskaal gehef met 'n maksimum van R7 000, afhangende van die bates in die Boedel.

5. Die Eksekuteursvergoeding word bereken teen 3,5% van die bruto bates en is statutêr vasgestel met die aanvaarding van die Boedelwet in 1965. Indien vaste eiendom oorge-

dra moet word, is daar addisionele koste, aangesien dit 'n afsonderlike regsproses is. Die Eksekuteursvergoeding is eers betaalbaar wanneer die boedel afgehandel is.

6. Daar is ook vrae ten opsigte van Boedelbelasting, maar min boedels is daarvoor aanspreeklik en dié kwelling kan liefpersoonlik verduidelik word.

Dit mag alles eenvoudig en maklik klink, maar bostaande inligting is eintlik net in 'n neutedop wat ter sprake is tydens die Bereddering van 'n Boedel. Indien daar enige vrae is of as Inwoners meer inligting verlang, kan hulle my gerus kontak.

Mervin Burger
082 900-0723.



DIE VRAAG VAN MENIGE INWONER:

Gaan die verkoopvoorwaarde in my Kokanje-Okkupasieregkontrak die afhandeling van my Boedel vertraag?

Die antwoord:

Die Eksekuteur van die Boedel kontak Kokanje en word voorsien van die finale Okkupasieregbedrag (Boedelwaarde) wat aan die Boedel verskuldig is. Dit stel die Eksekuteur in staat om 'n finale Verdelingsrekening op te stel en in te dien by die Meester van die Hof. Hierdie bedrag kan, in terme van die ooreenkoms met Kokanje, eers uitbetaal word as die Okkupasiereg vir die bepaalde huis in Kokanje verkoop is.

Sodra die kontant uit die verkoop van die Okkupasiereg beskikbaar is, word dit aan die Eksekuteur betaal, of direk aan die erfgename, soos deur die Eksekuteur bepaal. Dit beteken dat die Boedel in die meeste gevalle afgehandel kan word voor die Okkupasiereg verkoop is aangesien die waarde van die Okkupasiereg

bekend is. Die finale kontantuitbetaling aan erfgename kan vertraag word deur die verkooptransaksie.

Daarteenoor, sou u 'n vaste eiendom besit:

Vaste eiendom (in plaas van Okkupasiereg) in u Boedel sou ook eers onder normale marktoestande verkoop word. Die prys kan nie vasgestel word voor daar 'n gewillige koper gevind is nie. In dié geval kan die Boedel eers afgehandel word nadat 'n suksesvolle transaksie plaasgevind het (verkoopprys bekend). Met vaste eiendom word die hele Boedel vertraag totdat die eiendom verkoop en betaling plaasgevind het.

Jan Delport
Voorsitter van FINKOM.



MOOI GEDIGGIES WAT BY ONS MOEDERS- EN VADERSDAG- BEDERFIES AANGEHEG WAS.

DANKIE VOEDKOM!

MA, BLY NET BY MY

Sy het sagte woorde,
Engelvlerke.
Mamma jy is my hart.

Sy het diepe waardes,
opregte liefde.
Mamma jy is my rolmodel.

Sy het egte trane,
ware vreugde.
Mamma jy laat my glimlag.

Sy het dierbare oë,
sagte drukkies.
Mamma bly net by my.

Natani



PA

Sekere dinge in die lewe
sal altyd in styl bly
die soliede dinge:
Eerlikheid, vertroue,
standvastigheid en
medemenslikheid.

Dit is dié dinge wat ons
bewus maak van wie
en wat ons is
en wat ons die lewe kan
aanbied.

Dit is eienskappe soos dié Pa,
wat Pa my geleer het
om te waardeer in die lewe,
deur Pa se invloed, voorbeeld
en Pa se liefde.

Ek is trots om Pa,
as my Pa te hê
en is baie lief vir Pa.

Onbekend

JULIE ANDREWS' MY FAVOURITE THINGS

Senior Version.

A humorous parody.
Words: Anonymous.
Music: Richard Rodgers.

Botox and nose drops and needles for knitting;
Walkers and handrails and new dental fittings;
Bundles of magazines tied up with string;
These are a few of my favourite things.

Cadillacs and cataracts and hearing aids and glasses;
Polident and Fixodent and false teeth in glasses;
Pacemakers, golf carts and porches with swings;
These are a few of my favourite things.

Chorus:

When the pipes leak.
When the bones creak.
When the knees go bad.
I simply remember my favourite things,
and then I don't feel so bad.



Hot tea and crumpets, and corn pads for bunions;
No spicy hot food or food cooked with onions;
Bathrobes and heat pads and hot meals they bring;
These are a few of my favourite things.

Back pains, confused brains, and no fear of sinning;
Thin bones and fractures and hair that is thinning;
And we won't mention our short shrunken frames
when we remember our favourite things.

When the joints ache, when the hips break;
When the eyes grow dim.
Then I remember the great life I've had,
and then I don't feel so bad.

Sent in by **Annette van Dyk.**



It is only a short trip...
Enjoy it!



Moenie
onsteld raak
oor jou
ouderdom
nie. Dit is tog
net 'n
nommer.
Bekommer
jou eerder oor
jou gedagtes
wat oud raak.
Jy is so jonk
soos wat jy
glo jy is.

Geniet jou dag en lewe voluit!

MEELEWING

18 Maart tot 1 Julie 2023



Sus Pieterse
13 Des '42 tot 18 Mrt '23



Ester J v Rensburg
11 Jun '42 tot 30 Mrt '23



Andre Booyzen
11 Jul '50 tot 8 Apr '23



Mike Vidas
11 Aug '46 tot 10 Apr '23



Hannes Buys
25 Mei '35 tot 14 April '23



Esther Weideman
2 Feb '30 tot 19 Apr '23



Tellie Calitz
5 Jun '42 tot 28 Apr '23



Lena le Roux
8 Sep '27 tot 3 Mei '23



Freddie Smit
31 Okt '31 tot 18 Mei '23



Piet van Antwerpen
1 Okt '47 tot 25 Mei '23



Ray Lane
9 Jul '36 tot 5 Jun '23



Stienie Steyn
20 Okt '37 tot 7 Jun '23



Bettie Horn
9 Feb '31 tot 13 Jun '23



Thea Steynberg
14 Mrt '43 tot 17 Jun '23



Wynanda Olivier
17 Jan '39 tot 20 Jun '23



Frans Strauss
4 Jun '32 tot 1 Jul '23

Dit is met leedwese dat ons vandag kyk na al ons Kokanje-Vriende en -Familie
wat die afgelope tyd oorlede is.



Ons harte gaan uit na hulle hartsmense
wat berusting moet vind in die tyd wat voorlê.

PLUIMPIES EN DANKIES...

"LIMPOPO AMATEUR DANCE FESTIVAL" weer in Kokanje



Wat 'n groot lekkerte om jaarliks na uit te sien?

'n Pluimpie in die hoed van "oom" Pieter Knoetze, die bewaame Seremoniemeester, en die ander lede van die Kokanje-Klankspan! Daar is stiptelik by elke danser en elke afdeling se skedule gehou, danksy Pieter se knap organisasie. Die Klankspan het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt en

die opwindende musiek tydens elke prysuitdelingsseremonie het selfs ook die voete laat jeuk en die heupe laat swaai!

Net om deur Kokanje se pragtige tuine te stap het gesorg om die gespanne dansers se senuwees te kalmeer...

Hartlike dank aan Kokanje en die gemeenskap wat reggestaan het om die magies van honger dansers en toeskouers te vul met hulle heerlike versnaperinge.

Dansers en ouers sien al reeds reikhalzend uit na die LADF van 2024.

Seënwense en Voorspoed aan elke Inwoner van Kokanje, sowel as die hele Modimolle-gemeenskap.



Van:

'n Dankbare en Trotse Dans-Ma.



INNIGE SIMPATIE...

Life 24 (ons Ambulansdiens) se Operasionele Bestuurder in Marble Hall, **Andy Gill**, is onlangs oorlede. Kokanje-Inwoners en -Personeel betuig hiermee ons innige simpatie met sy geliefdes en personeel.



Sy troosdiens is in en om die Kokanje-Lapa gehou.



VERWELKOMINGSWERK

Ons bedank **Edelweiss Brits** baie hartlik vir die 4 uitgawes van **KOLLIG** waarby sy betrokke was. Sy het Nuwe In-trekkers persoonlik gaan verwelkom, iets interessants omtrent hulle uitgevind, gereël dat hulle by Lourens en Ricky Durand laat foto's neem en dan 'n mooi samevatting vir ons tydskrif ingehandig.

Sy het self 2 plaasvervangers geworf om hierdie aangename takie by haar oor te neem.

Baie dankie Edelweiss vir jou liefdeswerk en baie dankie **Martie Olivier** en **Rina Lüneburg** dat julle bereid is om ons van nou af hiermee by te staan. Hulle handewerk is op bladsye 48 en 51 te sien.

KOLLIG-Redaksie.



Modimolle



Jy het nie net 'n meesterplan nodig om jou doel te bereik nie, maar ook 'n **MEESTERBEPLANNER** om jou koers te bepaal.

Ons dienste sluit in

- Beleggings
- Aandelemakelary
- Portefeuljebestuur
- Testamente en Trusts
- Finansiële beplanning

Kontak ons vir gespesialiseerde finansiële- en beleggingsadvies



Jan De Villiers CSb(SA), CAIA®
Welvaartbestuurder : Sekuriteite

Jan.DeVilliers@psg.co.za
+27 (72) 458 5126



Angelique Bonnette
Administratiewe Assistent

Bonnette.Angelique@psg.co.za
+27 (76) 452 3976



Wico Strydom CFP®
Welvaart Adviseur

Strydom.Wico@psg.co.za
+27 (83) 712 0302

Modimolle | 98 Thabo Mbeki road, Modimolle
S +27 (14) 717 1036
psg.co.za



Country Shop & Tea Garden

Homemade Cakes, Pies & Ginger Beer
Functions and Platters
Local Arts and Crafts

SEE YOU SOON!

 Cindy - 072 341 6117

Monday - Sunday: 08:00 - 17:00

Licensed.



SOLAR
Spesialiste



**DANKIE AAN AL ONS KLIËNTE VIR JULLE
VOLGEHOUE ONDERSTEUNING!**



HAMMIES | 082 487 3509
HARKEM | 066 234 9593



MY GEDAGTES LOOP VER PAAIE...

Maureen vertel dat Eskom se Beurtkrag haar laat terugdink het aan haar jeug... Ouma wat by kerslig Bybel gelees het en dat menige skurwe hakske met 'n mengsel van kerswas en paraffien weggetoor is! Daar moes baie versigtig met kerse gewerk word – die gemors van die was op tafeldoeke en matte was 'n groot probleem en eiendom kon in puin lê nadat die kers 'n brand veroorsaak het. Die ander gebruik van kerse was tydens haar familie se verjaarsdae of wanneer 'n geliefde afgesterf het. **(Maureen laat haar lig elke dag in die KE skyn!)**

Terwyl sy haar kleinkind, Daneel, se kombers gebrei het, het sy sommer heerlike gesprekke gevoer met al haar vriende en vriendinne wat al vertrek het, want dié wat nog hier rondskarrel, het min geword.

Die slim mense praat van 'n veerkragtige houding – dit beteken eintlik dat jy moet vrede maak met die drukgang waarin jy is en normaal voortgaan. Met ons huidige "op sy kop wêreld" is dit maar moeilik. Dan vra Maureen: "Sal die mens ooit tevrede wees met sy omstandighede? Sit eerder stil in die natuur en kyk na die lelies van die veld."

Die April-**KOLLIG** het Maureen na haar griffel laat gryp en sy verstom haar oor die inisiatief wat blyk uit die Kokanje-Blitznuus om almal op die hoogte van sake te hou. Chris Shepherd en die Sport-en-Ontspanning en Dienste Komitee het haar seën ontvang met die Karnaval wat op hande was. Dan word Sjef Riaan Roets bewonder wat die rande rek en die begroting laat klop terwyl heerlike kos elke dag op-

gedien word. Sy wens ook die nuwe Bestuurskomitee alles van die beste toe met die reuse taak om die Kokanje-Municipaliteit suksesvol te bestuur.

Aangaande 'n nuwe Versorger, **Elizabeth Sithole**, voel Maureen baie positief. Sy wil **Marion Moir** (wat 'n groot aandeel gehad het aan Elizabeth se afrondingswerk toe sy Marion se man, Alastair, versorg het) hartlik bedank.



Elizabeth en Marion.

As Maureen jou waarsku aangaande antwoorde gee voordat dit baie mooi oorweeg is of om praatjies te maak met jou opgeblase ego nie in toom gehou nie, kan jy maar ag slaan op haar goeie raad en oordeelsvermoë. 'n Kennis wat elke dag besoek aflê, vra Maureen tot vervelens toe dieselfde vraag: "Hoe gaan dit en wat makeer jou?" Maureen se antwoord op 'n dag: "Dit gaan baie goed en ek makeer niks nie!" Daarna kyk die besoeker Maureen stip aan en snoer haar mond met "As jy dan niks makeer nie, wat doen jy in die KE?"

Vriendelike Versorger Gladys het een oggend Maureen diep laat dink met die volgende woorde: "Baie dankie dat ouma dit moontlik gemaak het dat ek my huis kon verf!" Gladys het hierdie stelling toe verduidelik: "Die feit dat ouma 'n betalende Inwoner van die Kokanje-KE is, het dit vir my

moontlik gemaak om brood op my tafel te sit en dan sommer 'n bietjie verf te koop om my huis op te vrolik!"

'n Paar maande terug was Maureen se middagslapie daarmee heen... Die lywige Maatskappy- en Bestuursvereniging-dokument van Kokanje-Aftreeoord is afgelewer en sy moes dit bestudeer. Sy komplimenteer die bekwame Personeellede wat vir die samestelling daarvan verantwoordelik was. Verder swaai sy Andries Visagie, ons Uitvoerende Bestuurder, baie lof toe en wens hierdie jong man, met die reuse verantwoordelike taak op sy skouers, alles wat goed is toe.

Maureen sluit af met verskeie digters, wyse mense en haar eie spesiale woorde:

"Alles wat was en is,
word weggewaai
deur die wind,
maar dankie dat ek in staat is
om te kan 'onthou'.
Dink wat jy wil en leef
soos jy wil,
maar moet net nooit iemand
benadeel of seermaak nie.
Gebruik jou talent,
wees tevrede met wie jy is
en dank die Here wat jou so
geskape het
en jou die wonderlike tye gun
in Kokanje."

**Dankie Maureen,
ons dierbare vriendin en
verslaggewer in die KE.**





HONDESALON

084 520 0003

Laat Woef en/of Kietsie veilig in die dorp loseer terwyl eenaars

by hulle familie in Kokanje kuier!

Veilige erf.

Altyd toesig.

Mooi skoon en netjiese 3X3 erfies en warm hokkies.

Slegs R100 per dag per troeteldier.

Bespreek vroegtydig.

Bring eie kossies, bakkies, kombersies, mandjies, speelgoed en
jassies saam.



QUILTERS
JOY

Wees gewaarsku... Laslapiewerk is verslawend!
Quilters Joy, wat 11 jaar gelede geopen is, is die
bymekaarkomplek van dames wat reeds
spesialiseer in kwiltwerk of leergierige nuwelinge is.
Die pragtigste, helderkleurige 100% katoenlap is
beskikbaar.

Kennis word oor en weer gedeel.
Van tyd tot tyd word spesiale klasse aangebied.

Kom sluit gerus by ons aan!

Eenaars: Retha Stegmann van Koro Creek, 082
771-5454 en
Marlene Smit van Kokanje, 071 884-3427.



PRETORIA OOGINSTITUUT
PRETORIA EYE INSTITUTE

Dr Johann Grobbelaar
Oogspesialis / Eye specialist

*Nylstroom besoeke elke 2e week
by Dr M Veldman se kamers*

Afsprake: 012-3438333 / 5
Adres: Thabo Mbeki rylaan nr.39

OP SOEK NA LUITENANT KIJÉ...

Stellenbosch... Vroeg 70's. Nog geen televisie? Wel, omtrent nog niks nie, gemeet aan vandag se standarde!

Ons luister soos gewoonlik Woensdagaande na Radioteater op Radio Suid-Afrika (medium-golf). Daardie betrokke aand word "Die Rebelle van Lafras Verwey" – wenner van die kompetisie vir hoorspele gereël tussen Radio Suid-Afrika, Nederlandse Radio te Hilversum en die Belgiese Radio Omroep – opgevoer, met Cobus Rossouw in die hoofrol. Die aansteeklike, vrolike wysie, wat deurgaans in die agtergrond opklink, kom met tye sterk deur en steek op 'n manier permanent in my geheue vas. Dit is tref-fend maar, alhoewel ons liefhebbers is van klas-sieke musiek, herken ons dit glad nie. Daarna het ons daardie musiek nooit weer gehoor nie, ten spyte van baie pogings deur die jare om uit te vind wie en wat...



In die laat 80's, na ons verplasing na Pretoria, het ons darem weer toegang gehad tot die Staatsteater, ter aanvulling van die Kaap se heerlikhede aangebied in die H.B. Thom, die Endlersaal en natuurlik ook die Nico Malan-teater in Kaapstad.

Iewers gedurende die vroeë 90's bied die Johannesburgse Simfonieorkester 'n program in die Staatsteater aan onder die titel "Symphonic Pops". Ons "tof" op, is daar, en ons gaan soos gewoonlik die gedrukte program vooraf deur. Ons steek vas by die sesde item op die program... Die Luitenant Kijé-suite, Opus 60 van Prokofiev. Dis op die oog af vir ons totaal onbekend. Ons word deur die musiek meegevoer. Na die pouse kom Item no. 6 aan die beurt. Toe die eerste note val, kyk ek en Marita gelyktydig na mekaar:

**"Wraggies, daar is hy dan!
Lafras se tema!"**

En ons was so opgewonde soos 2 kinders! Die volgende weke het ons oral gesoek om 'n kopie van die betrokke CD in die hande te kry, maar dit het ons bly ontwyk.

Daardie dae het my werksprogram tweewek-likse besoeke ingesluit aan ons Institute te Stellenbosch, Hermanus, Faure en Kaapstad/Sutherland. Op pad terug na die lughawe, as die tyd toelaat, het ek soms gou ingeloer by o.a. Oom Samie se winkel in Dorpstraat, Stellenbosch, vir 'n kadoki vir vroujie en kinders.

Een middag is ek effe vroeg vir die laataand-vlug na Johannesburg en besoek op pad lughawe toe die pasgeopende Somerset Mall, tussen Somerset-Wes en die Strand. Na 'n koffietjie loer ek vinnig rond watse nuwe winkels daar is. Ek sien 'n CD-winkel 'n entjie met die gang af, gaan in en blaai rofweg deur die CD-rakke. Ek kom by "P" – Paderewski, Paganini, Poulenc en toe Prokofiev, en so wrintiewaar, daar staan hy lewensgroot – die CD van die Lt. Kijé-suite! **Vandag nog is dit 'n baie kosbare besitting in ons CD-versameling.**

Sowat 3 jaar gelede het ek die 3de beweging (daar waar Lafras met 'n irriterende getwiet op sy gehawende fiets in die straat afry) aangevra op "U Eie Keuse" en ek het toe sommer my verhaal kortliks aan die omroeper meegedeel. Hy het my versoek gespeel, maar hom oënskynlik nie verder daaraan gesteur nie, totdat Lafras 3 maande later, na 50 jaar, weer op RSG opgevoer word, nogal met die oorspronklike klankbaan.

Die siklus is uiteindelik voltooi!

Nie lank daarna nie verskyn die fliek met dieselfde titel – "Die Rebelle van Lafras Verwey", met Tobie Cronjé in die hoofrol... En Prokofiev se aansteeklike wysie van destyds, maal nog steeds deur my kop!

🌸 (Vir dié wat mag belangstel, Google die Lt. Kijé-suite of gaan sommer direk na YouTube verkieslik die André Previn-weergawe. Dit bestaan uit 5 bewegings. Die beweging waarna hierbo verwys word, is die derde een, nl. Kijé se Huwelik.)

Braam Beneke



RITA COETZER SE VROLIKE VERJAARSDAG IN DIE VREEMDE...

Gewoonlik kuier Rita vir 'n hele paar maande by haar kinders in Dubai en in die VSA. Dit was ook die geval hierdie jaar.

Rita verjaar op Vadersdag, 18 Junie, maar word sommer vir 'n paar dae voor en na die tyd ook bederf! Hierdie keer was haar verjaarsdagfunksie spesiaal bespreek op 'n propvol trein wat om 14:45 uit Georgia vertrek het.

Wanneer die trein by motor-oorgange verbygestoom het, het die fluit wagtende motors vrolik begroet. Dan het die motoriste en treinpasseasiers vir mekaar gewaai en vriendelik gelag...

Op die tafels in die eetsaal was yslike potte met tee, asook die heerlikste verversings om daarmee saam te geniet tydens "High Tea".

Wat 'n heerlike en unieke ondervinding!

Rita, ons mis jou baie.
Dit is tyd om huis toe te kom!
Red.



KOKANJE SE MIAMI-KINKELKOKWENNER!

Kokanje se Inwoners het toe nie verniet duim vasgehou nie...

Babsie Grobler-Crafford is aangewys as die Miami Kinkelkokwenner!

Baie geluk, Babsie!

Dit is aangekondig op 4 Mei 2023 by die VLU-Kongres gehou te Weesgerus.

Babsie was nie self teenwoordig nie, aangesien sy in die Kaap was vir die S A-Meesterskampioenskappe (waar sy 2 goue en 4 silwer medaljes losgeslaan het) asook haar Meestersatletiek Nasionale

kleure ontvang het tydens 'n glansgeleentheid.

Die naam van Babsie se wenereg: **Miami Enchiladagebak** gaan verskyn in die Miami-resepteboek wat nou saamgestel word en later beskikbaar sal wees.

Op die foto (wat deur Leon Snyders geneem is, in Kokanje) verskyn Babsie met al haar pryse. Die waentjie alleen is R3 200 werd, plus die koelhouer en R2 000 se Miami-produkte.

**Welgedaan, Babsie...
Jy is 'n ware ster!**



As jou gesig wil glimlag
laat hom begaan.
As hy nie wil nie,
fluister iets in sy oor.



Daar is altyd genoeg tyd in elke dag
om God se wil te doen...

2 gesegdes ingestuur deur
Miemie Maartens.



NOEM HAAR SOMMER ALEXA STEYN VAN KOKANJE!

Alexa Steyn is die skrywersnaam van Bets Hoogenboezem wat op haar geboortedorp Modimolle (voorheen Nylstroom) woon. Om te skryf is haar jarelange passie en sy het verskeie skryfskole bygewoon om haarself beter toe te rus. Onder haar suksesse is tydskrifverhale en kleuterstories. Sy glo dat fantasie 'n belangrike ontvlugting vir baie mense bied en dat die romanse as genre 'n positiewe uitwerking het op die leser se psige. Sy is passievol oor die natuur, kyk graag voëls en hou van lees en musiek.

Sy skryf nog altyd... so voel dit! Die naam Alexa Steyn is sommer uitgedink, Alexa omdat dit vir haar 'n besondere naam is en Steyn omdat dit kort en kragtig is. (Sy het gevoel dat haar getroude van nie op 'n boek se voorblad sou werk nie. Haar nooiensvan, Coetzer, sou ook nie werk nie want dit kom altyd uit as Coetsee of Coertze of Kotze of so iets!)

Benewens haar gepubliseerde boeke, was daar in die verlede ook tydskrifverhale en kleuterstories wat uitgesaai is tydens die kinderprogramme waarna 'n mens destyds soggens op die radio kon luister, naamlik Siembamba.

Haar jongste boek, "Die Galileërs", wat in April 2023 die lig gesien het, is haar 6de boek. Die inspirasie vir hierdie boek kom van 'n Bybelteks, naamlik Lukas 13:1. Met die lees van die teks, het sy onder die indruk gekom van die implikasies wat die gebeure vir die Galileërs se naasbestaandes ingehou het. Dit het haar ook getref dat – sover haar kennis strek – daar geen verdere verwysings in die Bybel is na die verskriklike gebeurtenis nie. Die teks het haar lank gepla en sy het besluit om iets daaroor te skryf.

Die manuskrip is oor 'n lang tydperk geskryf en nadat sy dit jare gelede voltooi het, het sy dit

aan 'n bekende uitgewer van Christelike boeke voorgelê vir publikasie, maar dit is afgewys. Gevolglik het die boek in die spreekwoordelike skrywerslaai beland wat, in retrospek, miskien 'n goeie ding was want telkens daarna, wanneer sy die manuskrip weer gelees het, het sy daaraan verander en – glo sy – verbeter. Sy het selfs in 'n stadium begin om die boek in Engels te vertaal met die gedagte om dit na 'n uitgewer in die VSA te stuur aangesien sy dit plaaslik blykbaar nie gepubliseer gaan kry nie.


Uiteindelik is haar manuskrip egter deur Luca Uitgewers (in dieselfde stal as Lapa Uitgewers) vir publikasie aanvaar! Dié uitgewers val nou almal onder "Penguin Random House" wat 'n internasionale maatskappy is en Luca fokus op boeke met 'n Christelike agtergrond.

Maar dit was nog nie die einde van die skryfproses nie, want sy is versoek om die manuskrip aansienlik te verkort en wel met 30 000 woorde – wat nie 'n maklike taak was nie. Sy moes dit boonop binne 'n sekere tyd afhandel! Uiteindelik was die redakteur tevrede en haar boek was gereed om gepubliseer te word.

Bets hoop dat elkeen wat hierdie boek lees, dit sal geniet en iets van waarde daarin sal vind!

Haar vorige publikasies was in die Romanza reeks van Lapa Uitgewers en is ligte liefdesromans. Die titels, waarvan daar 2 of 3 in die Kokanje-Biblioteek is, is die volgende: "Droomseisoen; Ompad in die Vreemde; Son in die Suide; Die Verkeerde Man en Die Kwêvoel Roep".

Alexa/Bets Hoogenboezem, Kokanje wens jou hartlik geluk met jou prestasies en hoop dat daar nog baie uitstekende boeke uit jou skrywerspen gaan vloei!



WARMMAAK WINTERSGEREGTE

AARTAPPELGEREG

(Heerlik saam met braaivleis.)

BESTANDDELE:

Olie
Uie
Spek
Knoffel
Sampioene
Aartappels – in
blokkies, saggekook in
1 liter Water met
1 tl Sout in
250 ml Room
gerasperde Kaas.

METODE:

1. Braai ui tot sag in 'n bietjie olie.
2. Voeg spek by en braai tot bruin.
3. Voeg knoffel en sampioene by en braai effens, tot gaar.
4. Gebruik pepermeul en gooi growwe peper oor die mengsel.
5. Meng aartappels liggies in vorige mengsel in.
6. Skep in grootgenoeg Pyrex-bak.
7. Gooi room egalig bo-oor.
8. Bak bedek by 180°C vir 45 minute.
9. Haal deksel af, strooi kaas bo-oor en bak verder vir 15 minute.

WENA DE KOCK



HEERLIKE ASPERSIE/ MIELIEGEREG

BESTANDDELE:

1 blik (410g) Aspersie slaai-
stukkies (salad
cuts) of heel
aspersies.
1 blik (410g) Soetmielies
(Sweetcorn)
1 kop dik Kaassous *
Aromat
1 pakkie Kaas-en-ue-
skyfies
ekstra Kaas, gerasper.

METODE:

1. Dreineer aspersies, maar hou die water.
2. Meng die aspersies en mielies.
3. Maak kaassous * met kaas, meelblom, water van aspersies en Aromat.
4. Meng met die aspersies en mielies.
5. Krummel skyfies bo-oor.
6. Strooi gerasperde kaas oor.
7. Bak by 180°C tot goudbruin.
8. Bedien met 'n lekker groen-slaai.

RINA WALLIS



MIELIEBROOD

(Mikrogolf.)

BESTANDDELE:

4 Eiers
¼ kop Melk
¼ kop Suiker
1 kop Mieliemeel
30 ml Koekmeel
7 ml Bakpoeier
Sout
30 ml Kookolie
Meng alles goed saam.
1X410 g blik Roommielies
(Sweetcorn)
½ blik (200 g) Heelpitmielies
Paprika.

METODE:

1. Gooi room- en heelpitmielies by gemengde bestanddele.
2. Meng goed.
3. Bak vir 20 minute in die mikrogolfoond op volsterkte.
4. Strooi paprika bo-oor, vir kleur.



JENNY VAN DER
MERWE



TOOR MET KOOL

BESTANDDELE:

500g Maalvleis
250g Spek, in blokkies gesny
250g Sampioene, gewas en gesny
1 Ui, fyngekap
1 – 2 Knoffelhuisies, fyngekap
Sout en Peper (oppas, spek
het sy eie sout)
knypie Rooipeper
½ Kool, fyngesny
1 kop Room of gewone wit Joghurt
3 Eiers
1 kop Cheddarkaas, gerasper
2 eetl Sonneblom of Klapperolie.

METODE:

1. Braai uie in 1 eetl. olie, tot sag en bruin.
2. Voeg sampioene en spek by en braai verder.
3. Voeg fyngekapte kool by en braai tot sag.
4. Gooi sout, peper en rooipeper by.
5. Skep in oondbak.
6. Braai maalvleis in die ander eetl. olie.
7. Skep maalvleis bo-op koolmengsel.
8. Klits eiers en room/joghurt en gooi bo-oor.
9. Strooi gerasperde kaas bo-oor en laat in voorafverhitte oond van 180°C tot mengsel gestol en bruin is.

CLAUDINA MEINTJES



Tuinroete, Tsitisikamma & Addo

Toer

20-24 November 2023

R 8 950.00 pp wat akkommodasie deel

*Vertrek vanuit Mosselbaai

George - Knysna - Plettenbergbaai - Tsitsikamma
Jeffreysbaai - Addo Olifantpark - Port Elizabeth



in samewerking met Rev Jou Toere

GEORGE 072 141 1047
info@universaltravellers.co.za

ANNA ROSSOUW (90) VERTEL: DIE STORIE VAN MY KWILT

Waar sal ek begin?

By Martha van Zyl se dubbelbedkwilt...

Pragtig, maar so iets sal ek mos nooit kan maak nie!

In 2021 het ek lappies in my linnekas ontdek wat ek al lankal het en dis dalk net reg vir kwiltwerk... Ek is daarmee na Martha toe. Sy het sommer dadelik vir my gewys hoe om te begin. Toe byt die kwiltgogga my en daar word my lappies 2 plekmatjies en 'n looper. Daarna maak ek 4 kussings vir die kinders.



my en daar word my lappies 2 plekmatjies en 'n looper. Daarna maak ek 4 kussings vir die kinders.

Die volgende projek was die looper vir my blouhoekie in die huis. Martha het my na Marlene Smit se winkel, Quilter's Joy, toe geneem vir al die verskillende blou lappies. Die eindresultaat is pragtig!

Met die geduld en hulp van "juffrou" Martha.



Met die geduld en hulp van "juffrou" Martha.

In 2022 het ek baie moed en beplan my yslike groot 2023-projek, 'n dubbelbedkwilt! Ek en Martha is dadelik na Quilter's Joy toe. Martha en Marlene se entoesiasme het my aangespoor om die lieflikste materiaal uit te kies. Tuis het "juffrou" die lappies vir my gestryk en ek word aangeraai om glad nie die lappies te sny nie, want my hand bewe te veel. Martha sê ek sal my vingers morsaf

sny. Toe moet die patroon gekies word en die lappies op die bed uitgepak word. Martha sny en ek stik. So ontvou 'n grote kwilt. Daar is 99 blokke, 'n klomp strokies wat langs mekaar lê, en lang stroke – so 'n klomp van hulle!



Die kersie op die koek was die foto's van my gesin (asook die hond) wat op die kwilt ingewerk is. Dawn Hunter het vir my die 8 pragtige foto's, wat Hetta Uys aan haar gestuur het, op materiaal uitgedruk.

Ek het ongeveer 4 maande aan my kwilt gewerk.

Die volgende stap was watteersel en 'n dubbelbedlaken. Hierdie is met 'n koerierdiens na Cornelia in Parys (SA) gestuur. Sy het dit alles deurgestik met die mooiste, unieke patrone.

Toe kom die GROOT DAG! Die kwilt is teruggestuur en word deur Marlene Smit hier by my huis afgelewer. **Dit is absoluut prentjiemooi – of lievers "vrek"mooi!**

Rina Booyens het daarna gehelp om die hoeke mooi rond te sny en ek moes nog net die omboorsel omwerk.

Siedaar, my kwilt is klaar!

Baie dankie aan elkeen wat my gehelp het om my droom te kon verwesenlik.

Laastens... Groot dank aan my Hemelse Vader wat my laat besef het dat ek met hierdie projek sou kon begin en dit, met my vriendinne se hulp, sou kon klaarkry!



('n Week voor Anna se 90ste verjaardag, sit sy self en strokies knip en op haar tafel uitpak in haar eie patroon. Sy wil 'n bypassende strook maak om oor die kussings van haar bed te gooi.

"Nog is dit het einde niet!"
Martha van Zyl.)



OUMAGROOTJIE WORD 90 EN LAAT 2 KINDERBOEKIES PUBLISEER

Julia Nel,



een van die Kokanje-Digteresse wat gereeld gedigte instuur vir **KOLLIG**, het op 6 Julie **90** geword. 15 van haar vriendinne het, onder leiding van **Drienie Smit**, 'n heerlike verrassingsfunksie vir haar in die Kokanje-Eetsaal beplan en gereël.



Kyk net hoe vrolik en kreatief het Drienie die tafel versier!

Daar is spesiaal 6 oulike en smaaklike koekies bestel by **Hester Venter**, versier met **JULIA 90** daarop. Die lieflike blommerangskikking is deur **Bets Potgieter** gedoen.

Die storie agter Julia se 2 Kinderboekies:

Gedurende 1988 (Julia was 55 en in Pretoria woonagtig) het sy 8 gedigte geskryf oor 'n denkbeeldige, onnutsige Otjie en 8 oor 'n woelige dogtertjie, Willemientjie. Hierdie gediggies was gou vergete en het in haar kas beland. Toe sy en wyle Flip na Kokanje verhuis het, het die gediggies saam getrek en is weer op 'n rak, in een van haar kaste, weggebêre...

Verlede jaar, byna 35 jaar later, het die gediggies weer vorendag gekom toe Julia se agterkleinseun, **Elijah**, gebore is en Julia 'n dringende begeerte ondervind het om hierdie 2 boekies vir hom te laat publiseer.

Maar, daar het soveel struikelblokke in Julia se pad opgeduik: Drukkers in Pretoria het soveel reëls en regulasies gehad – 5 keurkomitees moes na die inhoud kyk en daar was ook geen persoon te vinde om die geskikte illustrasies te doen nie.

Julia was uiters moedeloos!

Gelukkig het haar vriendinne koppe bymekaar gesit en die volgende oplossings is gevind:

1. Vernét Driemeyer het die versies deurgelees en met die pragtigste, lewensgetroue illustrasies vorendag gekom.

2. Leonie du Plessis (wat ook **KOLLIG**-tik-en-uitlegwerk doen) het die versies getik en gesorg vir die regte tikstyl vir maklike leeswerk deur kleuters (Comic Sans MS, wat die g, j, y en a weerspieël soos in bevingrade se leesboekies).

3. Rita Noeth het gesorg vir die redigeer- en uitlegwerk.

4. Postnet het met raad en daad bygestaan en die druk- en bindwerk gedoen. **Alles teen so 'n billike prys!**

Daar kan dus werklik gesê word:

"Slegs plaaslike kennis en kundigheid, binne Kokanje, is gebruik – en 'Local is lekker!'"

Oumagrootjie Julia verkoop hierdie eg-Suid-Afrikaanse boekiestel vir **R180**.



STORIES...

**"Stories van gister,
stories van nou."
Hier op die stoep!**

Onwillekeurig dink ek aan die spontane stoepkuiers by Gretha Pretorius by 98C, soms met 'n 'sondondertjie' van een of ander aard. Dan word daar stories van toeka tot nou uitgeruil en elkeen wat verbykom, sluit sommer aan by die kuierplek.

Wat is dit van stories wat geen perke van tyd of plek ken nie? Gretha en Grappie Hough se stories het nog boonop altyd 'n geurtjie uit Holland ook bygedra.

Stories sluit alles in wat oorvertel of voorgelees is van kleintyd af. Daar was slaaptystories, Bybelstories, grappige stories, lekkerkry stories van onthou. Naas al die klassieke stories van Rooikappie, die Drie Varkies en Hansie en Grietjie, was daar ook eie Suid-Afrikaanse skeppings soos Wolf en Jakkals, Stories van Rivierplaas, Huppelkind, Liewe Heksie, en nog vele meer.

Met hedendaagse tegnologie speel stories van alle tye 'n belangrike deel in die ekonomie. Buiten die skrywers, uitgewers, verwerkers van die inhoud in die vorm van animasiefilms, operas, bladmusiek, kunsfeeste, konserte, rolprente, radio-dramas, revues, televisiesepies, ja, noem maar op... êrens daaragter skuil 'n storie. Soms is dit fiksie, soms iets wat werklik gebeur het in die langverloop van geskiedenis uit alle lande, volke en nasies, maar dis altyd iets waaruit genot geput kan word of lesse te leer is. Daar is winkels

en biblioteke vol boeke, huise met boekrakke vol heerlike leeservarings en hartsgoed waarvan moeilik afskeid geneem word met elke verhuising na 'n kleiner woonplek.

Maar behalwe die stories van die verlede, skep en ontdek ons elke dag nuwe stories as ons onself verdiep in 'n gesprek of 'n lekker interessante boek.

Van die lekkerste lagstories is uit die pen van Rudi van Rensburg oor die manewales van Hans van Kraayenburg van Huis Madeliefie, veral toe Tobie Cronjé dit oor RSG voorgelees het...

Op my boekrak het ek al sedert 1962 se matriekjaar, 'The Mill on the Floss', wat ek nog altyd weer wil lees omdat dit my jare gelede diep geraak het. Ek moet dit liever binnekort begin lees, voordat my kinders dit dalk weggooi!

Die stories van P.H. Nortjé, oor sy belewenisse van sy eie kinders, het ons paaie ook laat



kruis met (wy-le) Leon en Anna Ros-souw.

Dit was in 2006 in 'n koffiewinkel op Bonnievale, toe 'n egpaar by 'n aangrensende tafeltjie, vir ons vra of ons van die omgewing is.

"Ons kuier nou net hier, maar het hier grootgeword" antwoord ek. Leon wou graag weet of ons weet van Oupa Grootbul en waar hy gewoon het.

"Natuurlik, as jul deur daardie venster kyk, sien julle die

Breërivier, en oorkant die rivier is Boesmansrivier se wyk. Dis waar die Wentzels se plase lê. Oom Jan Wentzel is Oupa Grootbul." Natuurlik wil ons toe Leon en Anna se storie ook weet. **Hulle is van Kokanje!** "Ons name is ook al op die waglys by Kokanje. 480ste!" is my antwoord.

In November 2010 trek ons in by Kokanje 98B. Tussen al die goed wat afgelaai en rondgeskuif word, doem 2 gesigte voor ons op.

"O, julle het toe gekom! Jan en Martha? Onthou julle nog van Bonnievale se koffiewinkel? Julle het mos gesê julle kom Kokanje toe! Ons woon net hier oorkant by 97B. Baie welkom hier!"

So het P.H. Nortjé se stories oor Oupa Grootbul ons bymekaar laat uitspoel. Vir 13 jaar is die paadjie tussen die 2 huise al goed uitgetrap omdat ons mekaar se stories deel.

In 2005 het Kokanje 'n bundeltjie stories uitgegee waarin onder andere vertellings is van die eerste 2 egpare wat hier ingetrek het. Die Moores in 1E en die Nels in 2A. Dit was eerste Chris Nel wat die naam Kokanje voorgestel het vir hierdie Luilekkerland wat hul in 1986 betrek het.

Ek dink dit het tyd geword dat vandag se Inwoners begin skryf aan hulle stories, sodat ons in 2026 weer so 'n bundel kan publiseer oor Kokanje-stories van die afgelope 40 jaar.



Martha van Zyl

STATUS

FUNERALS | BEGRAFNISDIENSTE

Celebration of Life



Our Services:

Burial Service
Cremation Services
Death Registration
Collection Services
Local Repatriation
International Repatriation
All Policy Claims
Flowers
Funeral Programmes
Catering
Membership

Dienste

Begrafnis Dienste
Verassings Dienste
Sterfte Registrasie
Verwyderings Dienste
Plaaslike Repatriasies
Internasionale Repatriasies
Alle Polis Eise
Ruikers
Begrafnis Blaadjies
Verversings
Lidmaatskap

 **066 384 4033**

 **072 256 4519**

 **status@colfunerals.co.za**

 **www.colfunerals.co.za**

 **46 Joe Slovo Str, Modimolle**





Awie de Vries
16 Augustus



Alice van Zyl
17 Augustus



Marie Nel
25 Augustus



Ella van Rensburg
13 September



Hanna de Jager
11 Oktober



Chris Coetzee
22 November



Ria Naude
30 November



Girtie Esterhuizen
2 Desember

POSTNET
Modimolle

014 717 3440

014 717 3441

modimolle@postnet.co.za

POSTNET 2 POSTNET

R109

Incl. Vat

Up to 5kg Countrywide
Delivery within 2 - 3
working days.*

Over 450 locations.

*Please allow 1 extra delivery day for outlying areas.
Maximum Actual Weight 15kg. Maximum Volumetric Weight 15kg.
Chargeable Weight is Actual or Volumetric, whichever is the greater.
Terms and Conditions Apply.

POSTNET
Courier